

MAAK SELF JOU WÊRELD MOOI

idees

Van kus tot Karoo

BRING JOU HERINNERINGE HUIS TOE

✿ **STIK** die mooiste lapvisse ✿ **DEK** 'n vrolike see-tafel

✿ **MAAK** 'n lieflike lampskerm

**& INSPIRASIE
VIR 'N REIS-
JOERNAAL**

Pragtige
verjaardagkalender
vir elke maand

VAKANSIE 2026 • No. 050
• RSA R110,00
(R14,35 BTW ingesluit)
• Namibië N\$115,00



9 771680 304009



03234

Eet **TURKS** uit jou eie kombuis
VERSIER teëlkoekies stap vir stap



HIERDIE BOEK
BEHOORT AAN



idees

VAKANSIE-UITGAWE

MAAK SELF JOU WÊRELD MOOI

OP DIE VOORBLAD

- 26 Maak 'n lieflike lamskerm
- 42 Dek 'n vrolike see-tafel
- 48 Stik die mooiste lapvisse
- 60 Inspirasie vir 'n reisjoernaal
- 68 Pragtige verjaardagkalender vir elke maand
- 94 Eet Turks uit jou eie kombuis
- 114 Versier teëlkoekies stap vir stap

HANDWERK & DEKOR

- 12 'n Gerestoureerde plaashuis in die Groot-Karoo vertel 'n mooi verhaal van kleur en kreatiwiteit
- 24 Stik en borduur 'n lynkuns-kussing met 'n nostalgiese plaastoneel
- 30 'n Droomverlore huisie op 'n Kaapse kusdorp is die perfekte balans tussen vrolik en funksioneel
- 42 Draai blikke in seekos-geïnspireerde papierjassies toe
- 44 Verf en borduur plekmatties vir jou vakansietafel
- 48 Druk 'n visprent op lap en stik dit in 'n kussing
- 49 Stik drie verskillende viskussings uit bont patroonlap
- 50 Borduur 'n paar sleutelhouers, elk met sy eie ontwerp
- 52 Hekel 'n mooi toppie vir die strand
- 54 Hekel 'n oulike sakkie vir al jou spesiale goedjies
- 60 Skep 'n joernaal om jou reismemento's in te bêre
- 76 Vou en vorm reliëfkuns uit papier: Agt projekte

KOS & ONTHAAL

- 94 Turkse geurfees: 'n Spyskaart boordens toe vol vars bestanddele en helder kleure, perfek vir onthaal
- 114 Bak koekies en versier dit om soos Portugese azulejo-teëls te lyk

VOORBLAD

STILERING HANNES KOEGELBERG FOTO ED O'RILEY

24
PROJEKTE
OM AAN TE PAK



IDEES-KLASSE

- 26 Maak 'n voëltjekou-lamskerm en trek dit oor met handgetekende lap
- 28 Versier 'n rivierklip met macramé-knope
- 43 Stempel 'n streppatroon om 'n tafeldoek se rand
- 46 Bak jou eie soet Portugese ovos moles
- 68 Knip en plak 'n verjaardagkalender wat heeljaar blom

JOU LEWE

- 11, 41, 93 Woorde wat jou elke dag sal inspireer
- 86 Klein, maar klaar: Moenie dat onvoltooide projekte jou pootjie nie
- 108 Sit aan by 'n tafel waar jy waarlik tuis voel
- 126 Die wetenskap agter *glimmers*, plus kom gooi jou kreatiewe flikkers
- 126 Júl idees: Ons lesers skryf vir ons

IN ELKE UITGAWE

- 06 Van die redakteur
- 07, 09, 58, 121, 128 Kreatiewe blaaië vir knip, inkleur en gebruik
- 122 Boeke vir jou leeslys
- 129 Teken op *Idees* in en spaar

24



BORDUUR 'N LYNTEKENING

106



PAK 'N TURKSE KAASBORD

49



STIK VROLIKE VISSIEKUSSINGS

52



HEKEL 'N STRANDTOPPIE

OM TE
MAAK



KNIP EN PLAK 'N BLOM-KALENDER

68

100



SIT KEBABS MET 'N UIEPIEKEL VOOR

114



BAK EN VERSIER PATROONKOEKIES

76



VOU EN VORM PAPIERKUNS

60



SKEP 'N REISJOERNAAL



ONS IS OP FACEBOOK
facebook.com/IdesSA



... EN INSTAGRAM
instagram.com/ideasmagazine

VAN DIE REDAKTEUR

Ek was nog nooit iemand wat die dae omwens nie en hoe ouer ek word, hoe minder. Maar laat ons nou maar eerlik wees, as 'n mens eers die volson op jou vel voel en die vakansie as't ware kan ruik, dan is dit moeilik om nie so 'n bietjie uit te sien nie! En veral na vakansiekos, want dis wanneer 'n mens tyd het om kuier-kuier sommer 'n spul nuwe resepte uit te toets en dit boonop vir ure saam met jou spesiale mense te proe en te bespreek.

My verjaardag was vanjaar in Istanboel, 'n baie spesiale sameloop van omstandighede. Ek kon nie wag om die wonders van Turkse kos te beleef nie. Een reisvideo ná die ander het my mond behoorlik laat water. En vyftig persent van die tyd wás die kos heerlik. Dis net dat ons met die ander helfte te moeg en voetseer was om behoorlik te kyk waar ons ons warmgeloopde liggame neerplak vir 'n lafenis. Maar nou kan ek daardie foutjie regstel, want Louisa het die allerheerlikste Turks-geïnspireerde geregte vir hierdie uitgawe bymekaargesit. Vars en mooi en interessant met lae geure soos net die Turke dit kan doen, en wat beteken ek kan uiteindelik my sakkies vakuumverpakte speserye oopmaak. O, die heerlijkheid!

Maar selfs vir die dae van net wegneem-vis-en-tjips sien ek die handgeverfde tafeldoek (bladsy 43) en geborduurde visplekmatjies (bladsy 44) reeds voor my geestesoor oor die tafel. Met soveel blou het 'n mens nie eens regtig die see nodig nie. Of jy nou die nuwe jaar by die kus, in die Karoo of die Laeveld ingaan, neem vir jou 'n boek of twee saam om jou herinneringe en jou voornemens vas te vang. Daar is min geleenthede om jou tyd af te staan aan kreatiwiteit en refleksie en sommer net wat vir jou lekker is. Maak behoorlik gebruik daarvan.


Lekker rus vir 'n kreatiewe 2026!

FOTO VAN TERENA: ED O'RILEY • HARE EN GRIMERING:
LISA SAVEN • STILERING: HANNES KOEGELEBERG

KONTAK MY BY

terena@ideasfactory.co.za ✉ [instagram.com/terenaleroux](https://www.instagram.com/terenaleroux)











**JY KAN NIE
JOU LEWE MEER
TYD GEE NIE,
SO GEE JOU TYD
MEER LEWE.**

KAROO-STORIES

Hierdie plaashuis in die Groot-Karoo is met sorg gerestoureer en spog nou met 'n wonderlike mengsel van patrone, nostalgie en kreatiwiteit. Elke klein detail vertel 'n mooi verhaal.



teks LORI COHEN foto's GREG COX produksie SVEN ALBERDING almal vir BUREAUX

Cornel en Neill Strydom wou nog altyd eendag terugkeer na die grond toe. Albei het op plase grootgeword, en hoewel hulle loopbane hulle jare lank elders geneem het, het daardie verbondenheid aan die grond nooit verdwyn nie. Toe hulle 'n dekade gelede Nagtegaalsfontein naby Colesberg gekoop het, was die plan dat dit eendag hul tuiste sal wees.

'Ons het vroeg besluit ons wil nie in 'n stad oud word nie,' sê Cornel. 'Ons wou hê ons lewens moet eendag wortelskiet op 'n stiller plek waar dinge stadiger gebeur.' Toe hulle twee jaar gelede permanent plaas toe trek nadat hulle jongste kind klaar was met skool, het hulle in 'n ruimte vol wonderlike moontlikhede ingestap.

REGS: 'n Ryk mengsel van tradisie en karakter definieer die formele eetkamer, waar 'n verskeidenheid antieke stoele die tafel onder lae hangligte omring. Die ou blommuurpapier skep 'n klassieke agtergrond, terwyl 'n kunstige versameling laaggehangde stillewes sorg dat blomme altyd teenwoordig is – hetsy op die tafel of teen die mure.



REGS: 'n Groot droëblomrangskikking, versier met delikate papiervoëltjies, sorg vir onverwagte speelsheid in een van die sitgedeeltes van die leefvertrek. Die voëlmotief word voortgesit met muurgemonteerde voëlkoue wat ook na die buitelewe verwys. 'n Eklektiese mengsel van meubels – van rusbanke met los oortreksels tot veilingsvondste en 'n Gustaviese-styl bank wat 'n vars laag verf gekry het – skep 'n balans tussen karakter en gerief.



Cornel het met sterk blou en helder wit rondgespeel om die twee sitgedeeltes in die ruim leefkamer te definieer. 'n Indigoblou kabinettafel anker die ruimte, terwyl verskillende wit keramiekstukke – elk met sy eie tekstuur, vorm en hoogte – die tentoonstelling dinamies en vol karakter hou. Die hele vertrek is 'n huldeblyk aan Delft: Cornel het patrone en kleure uit ou keramiek gebruik en dit op verskeie maniere ingespan – in haar keuse van materiaal, op geverfde rottangstoele en op moderne grafiese matte. Op die rusbank lê die honde Klippie en Mossel. Die 'nes' van takke wat in die vertrek hang, is ontwerp om die eetkamertafel visueel te anker en die hoë vertrek meer intiem te laat voel.

Die huis is in 1858 gebou en was nog nooit aan die kragtnetwerk gekoppel nie. Dit is oor geslagte heen verander om in die behoeftes van die verskillende eienaars te voorsien. Die dik mure dra dus lae geskiedenis en die ou aanbousels vertel van praktiese oorewegings wat meestal oor estetika geseëvier het.

'Die huis het klaar soveel karakter gehad,' sê Cornel. 'Dit moes net 'n bietjie behoorlik deurdink en vernuwe word.' Die eerste ding wat hulle gedoen het, was om 'n nuwe kombuis te bou met groot vensters wat noord wys sodat hulle heeldag die uitsig kan geniet. 'Die oorspronklike kombuis was perfek vir die winter, maar het nie gebruik gemaak van dít wat hierdie plek so besonder maak nie: die ooptes,' sê Cornel.

Die nuwe kombuis het gou die spilpunt van die daaglikse lewe geword vir gaste wat kom om die Karoo te beleef. Die middelpunt is 'n ronde houttafel omring deur geweepte Malawi-stoele in verskillende kleure. Die vloer is van swart-en-wit teëls wat Cornel self saamgelap het uit oorskietende teëls wat sy by haar ouers se huis gered het. In plaas daarvan om die verskillende stukke in 'n eenvormige patroon te dwing, het sy hulle verskillende aanvaar en die teëls in kleiner stukke gesny om 'n Marokkaans-geïnspireerde mosaïek te skep.

'n Mens het nie baie nodig as jy só iets regkry nie,' sê Cornel. 'Een sterk fokuspunt in 'n vertrek kan al die ander elemente saamtrek.'





LINKS: Die kombuis is herontwerp om die uitsig en natuurlike lig ten volle te benut en die ruimte die hart van die plaashuis te maak. Op die vloer het Cornel 'n sterk ontwerp met handgesnyde teëls uitgelê wat die vertrek visueel 'anker' sodat geen mat nodig is nie. Die tykgordyne sorg vir warmte en sjarme. 'n Stewige tafel en 'n vrolike mengsel van pasteleurige Malawi-stoele skep 'n ontspanne atmosfeer wat jou dadelik welkom laat voel. Ou koffiemeule, 'n staldeur en 'n houtleer verleen lae karakter – die perfekte kombinasie van praktiese eenvoud en persoonlikheid. Die resultaat is 'n tydlose ruimte wat lêwe, net reg vir saamkuier, kook en alledaagse plesiere.



Die buitebraaigedeelte vloei natuurlik uit die kombuis met swart-en-wit teëls in dieselfde formaat maar in 'n ander patroon wat kontinuïteit tussen die ruimtes skep. Hierdie eetplek in die buitelug – een van vele om die huis – maak die meeste van die landskap en is die ideale plek om te ontspan en die uitsig in te neem. Op die foto is die eienaars Cornel en Neill. Hulle reis na Puglia was die inspirasie vir die eenvoudige, reghoekige swembad. In die halfwoestynlandskap maak sy suiwer vorm dit die perfekte verfrissende toevlug.

In die leefkamer kom hierdie speelse benadering na vore in 'n tros droë takke wat soos 'n groot nes uit die plafon hang – 'n subtiele verwysing na die plaas se naam, Nagtegaalsfontein. Om die 'nes' te skep het Cornel 'n bondel doringtakke versamel en dit met blou-en-wit tou aan die balke gehang. 'Dit was 'n heel onverwagte oomblik van inspirasie,' sê sy, 'maar dit het die perfekte manier geword om die buitelewe die huis in te trek. Die takke skep 'n fokuspunt wat die volume van die vertrek met sy hoë plafonne mooi breek.'

In wat hulle die 'blou kamer' noem, het Cornel inspirasie uit Delft-porselein geput. Terwyl sy die tuinbeddings omgespit het, het sy skerwe Delft-porselein ontdek – dit het haar laat besluit om indigoblou

skakerings in die stoffering en meubels te gebruik as 'n huldeblyk aan die stories wat letterlik onder hulle voete begrawe lê.

Cornel was nog altyd lief vir die tydlose bekoring van blou en wit en die retro-nostalgiegevoel daarvan, maar sy wou dit 'n moderne kinkel gee. In plaas van 'n suiwer tradisionele voorkoms het sy dus subtiele kontras ingebring: 'n geometriese mat wat ou motiewe met skerp, kontemporêre lyne meng, en verskillende lae wit keramiekware wat op 'n indigoblou tafel uitgestal word.

'Ek is mal oor patrone,' sê sy. 'Maar ek verkies om met skaal en vorm te eksperimenteer terwyl ek by een kleurskakering bly.'

REGS: 'n Suiwer wit palet skep 'n rustige, romantiese gevoel in die hoofslaapkamer, waar tekstuur die hoofrol speel. 'Ek wou hê hierdie kamer moet kalm voel,' sê Cornel, wat sagte linne, tekstuurkussings en 'n verweerde tafel in lae gebruik het om diepte te skep. Wapperende gordyne met 'n botaniese patroon hou dit lewendig, terwyl eenvoudige terracottapotjies wat met die hand geverf is en as hangligte hergebruik word, sorg vir 'n tikkie sjarme.



'n Dapper benadering tot die binne-buite-leefstyl: Hierdie halfoop badkamer langs die hoofslaapkamer is 'n luukse plek waarheen jy kan ontsnap. Die Victoriaanse bad bring 'n ouwêreldse bekoring, terwyl die oop uitleg 'n gevoel van vryheid gee. Saam met antieke detail soos 'n ronde spieël voel die ruimte tegelyk soos 'n groot bederf en eenvoudig. Net buite die gastekamer is dié stil, verwelkomende hoekie met 'n ingeboude sitbank en 'n verweerde groen tafel wat hulle op 'n nabygeleë dorpie gekoop het.

Gelukkig is daar nooit 'n tekort aan materiaal nie – haar man, Neill, is die eienaar van Romo South Africa, wat haar toegang gee tot 'n wêreld van teksture en patrone. Tog gee sy haar nie oor aan oordaad nie; sy volg 'n ingetoë benadering, waar een uitstaande stuk die toon vir die hele vertrek bepaal. Twee van haar gunsteling – die klassieke materiale gangang en tyk (*ticking*) – word in al die slaapkamers gebruik, maar deur middel van kleur en skaal nuut geïnterpreteer.

Elke slaapkamer het sy eie identiteit, maar die materiaal is nie altyd die beginpunt nie. 'Gewoonlik begin dit met een voorwerp,' sê sy. 'In een kamer het ek 'n pragtige wit hemelbed gehad, so ek het daarop voortgebou en alles wit gehou om 'n kalm, rustige atmosfeer te skep. In 'n ander kamer het ek twee enkelbeddens neutpienk geverf en 'n kas uit die eetkamer

met graslinne opgekikker. Daardie verandering het my gelei na pienk en aardse kleure, en toe vul ek die mure met landskappe – nog 'n manier om die buite-wêreld binnetoe te bring,' vertel sy.

In 'n derde gastekamer het Cornel weer saam met die argitektuur gewerk eerder as daarteen. Met sy hoë plafon het die vertrek iets nodig gehad om intimiteit en balans te skep. Haar oplossing? 'n Hangende tak versier met rottanglampskermes wat op verskillende hoogtes hang. Hierdie middelpunt anker die ontwerp, trek die oog na binne, en dis presies daar waar die beddens hulle plek gevind het – met 'n uitsig wat ononderbroke strek oor die landskap.

Dis juis hierdie subtile maar ongewone ontwerpkeuses wat die hele huis definieer. Niks voel voor-spelbaar nie en tog maak elke besluit volmaak sin.





LINKS: In die sagpienk gastekamer is twee enkelbeddens langs mekaar gesit om 'n gesellige koningsgrootte bed te vorm. Die Supawood-kopstukke is met muurpapier bedek vir 'n luukse afwerking. 'n Ingeboude muur agter die bed verdeel die ruimte en verberg 'n skryftafel, koffiëstasie en plek waar tasse gebêre kan word. Dit maak die vertrek mooi én funksioneel.



Die wasbak met roosmotiewe wat hulle van Cornel se ouers geërf het, is uit die slaapkamer na die nuwe badkamer verskuif. Handgemaakte keramiek-spatplate versag die voorkoms van gewone tuinkrane. 'Ek het hulle self gemaak,' sê Cornel. 'Ek het 'n gehekelde doilie in die klei gedruk om die patroon te vorm – 'n kopknik na die ou hekelwerk wat 'n mens in plaashuise gekry het.' Die sagpienk mure van die instapbadkamer (deur die boogingang) vorm 'n mooi kontras met die wit slaapkamer. Cornel het die mure versier met handgemaakte keramiekmedaljes – 'n kunstige persoonlike stempel wat warmte bring.

In hierdie slaapkamer word die oopheid nog verder gevoer – na 'n badkamer waar 'n Victoriaanse bad onderdak in die buitelug staan, perfek geplaas om die uitsig in te neem.

Deur die hele plaashuis speel kontraste mooi en op verrassende wyses saam. In die eetkamer staan daar byvoorbeeld 'n groot klipwasbak teen fyn Victoriaanse muurpapier – 'n treffende kontras wat beide elemente laat uitstaan. Gaste kan water direk uit 'n eenvoudige tuinkraan drink – 'n onopgesmukte plan in 'n andersins verfynde ruimte.

'Ek hou daarvan om dinge te meng wat eintlik nie bymekaarhoort nie,' sê Cornel. 'Dit keer dat enigiets te voorspelbaar voel.'

Die plaaslewe gaan net soveel oor die buitelewe as oor die huis self, iets wat Cornel deeglik in ag geneem het. Sy het 'n lae baksteenmuur laat bou wat 'n gevoel van toegang gee, maar sonder om die landskap uit te sluit – net genoeg om die ruimte te definieer terwyl die natuur steeds naby is. 'Ek wou hê dit moet voel of jy iets binnestap, sônder om enigiets toe te maak.'

Ook in die tuin het sy saam met die aarde gewerk. Sy het rose vervang met inheemse grasse en geharde struik wat natuurlik oor die mure en paadjies versprei. Die swembad, soos dié in Puglia, skakel só naatloos by sy omgewing in dat dit voel of dit nog altyd daar was – 'n reghoek water wat die lug en veld weerkaats sonder om aandag te vra. Dit hoort eenvoudig hier.



'Hierdie gastekamer is ontwerp met kinders in gedagte,' sê Cornel. 'Om die beddens kop aan kop te plaas was 'n prettige oplossing wat ook ruimte bespaar het.' Sy het die voorkoms samehangend gehou deur variasies van monochroom ruitstof in lae te gebruik.

Wees rustig

Die Woodoc-Manier



Woodoc 50 Marine bied die perfekte beskerming vir buitenshuise houtmeubels en -oppervlakke blootgestel aan die elemente.

Woodoc 50 Marine is maklik om aan te wend en te onderhou. Dit bied uitstekende UV-beskerming en is waterwerend. Woodoc Stain Concentrate Teak is bygevoeg om die verlangde effek te verkry en om die UV-beskerming te verhoog.



Skandeer die kode vir volledige besonderhede oor Woodoc se reeks Buitenshuise Versoëlaars en "hoe-om-te-doen"-advies

Woodoc
KOS VIR HOUT

Woodoc KIMatadlers: Vir vriendelike, persoonlike hulp en advies, skakel Telvry 0800 411 200, gefaturende kantoor. • www.woodoc.com • Woodoc • WhatsApp +27 48 302 4702



MOOI IN EENVOUD

Al reis jy net deur die Karoo of gaan hou daar vakansie, is daar maklike maniere om die mooi van dié geliefde streek in jou huis in te bring.

projekte en stiling CARIN SMITH assistent JESSICA MOORE kussing ANELLE BRITZ foto's MARIJKE WILLEMS

LYNKUNS-KUSSING

MOEILIKHEIDSGRAAD: maklik
TYD: halfdag

JY BENODIG

- ♥ naaswit stoffeermateriaal met 'n mooi tekstuur (uitgeknipte grootte: 52 x 52 cm, voltooide kussing: 50 x 50 cm)
- ♥ bypassende 40 cm-ritssluiters
- ♥ bypassende masjiengare
- ♥ borduurgare in die kleur van jou keuse (ons het ougoud gebruik)

- ♥ borduurring en -naald
- ♥ binnekussing van 50 x 50 cm
- ♥ aftrekmetode van jou keuse (ons het 'n ligkas en hitte-uitwisbare materiaalpen gebruik)

SO MAAK JY

- 1 Knip twee vierkante van 52 x 52 cm uit die stoffeermateriaal (een vir die voorkant van die kussing en een vir die agterkant).
- 2 Trek die lyntekening hierbo met die metode van jou keuse op die voorkant af. Strek die voorkant in jou borduurring en borduur die afgetrekte lyntekening met agtersteek.

3 Sit die geborduurde voorkant en die agterkant op mekaar met die regte kante teen mekaar. Sit die ritssluiters in posisie in die onderste naat en stik dit vas.

4 Stik die oorblywende nate met 'n 1 cm-naattoelating aan mekaar vas.

5 Dop die oortreksel na die regte kant om deur die ritssluiteroopening. Steek die binnekussing in, trek die ritssluiters toe en pof die kussing op.

VERSORGING

Was die oortreksel liggies met die hand in koue water. Stryk dit aan die verkeerde kant en vermy direkte hitte oor die borduurwerk.

template



Die foto's is in
Smitswinkelbaai
geneem.



VOËLTJIEKOU-LAMPSKERM

Hang dié lampskerm met handgetekende voëls in 'n vertrek waar daglig deur die materiaal kan skyn en 'n pragtige ligeffek skep.

MOEILIKHEIDSGRAAD: medium **TYD:** 1 uur

JY BENODIG

♥ voëltjieprent van jou keuse ♥ houtrandstuk (ons het boekenhout gebruik) ♥ dun materiaal ♥ materiaalpen ♥ tou
♥ kontaklym ♥ kleeflint ♥ boor ♥ handsaag ♥ skuurpapier

1



Saag die houtrandstuk in twee lengtes van 1,2 m elk en vier van 600 mm elk en skuur die rande liggies. Maak die twee horisontale ringe deur kontaklym aan elke punt van die 1,2 m-lengtes aan te wend (een binneste en een buitenste punt), wag 'n paar minute dat die lym droog begin voel en plak dan die twee punte in 'n ringvorm aan mekaar vas.

2



Wend op gelyke afstande van mekaar kontaklym aan die binnekant van die onderste ring en die buitekantpunte van die vier 600 mm-lengtes aan. Wag weer 'n paar minute dat die lym droog begin voel en plak dan die gelymde punte vas. **WENK:** Gebruik klampe om die punte in posisie te hou tot die lym droog is.

3



Wend nou kontaklym op die ander punte van die 600 mm-lengtes aan, wag vir die lym om droog te word en boor dan 'n gaatjie in elke lengte omtrent 1,5 cm van die punte af. Ryg 'n lang stuk tou deur die gaatjies. **LET WEL:** Die lym aan die punte help voorkom dat die hout kraak wanneer jy die gaatjies boor.

4



Herhaal stap 2, maar wend nou die lym aan die buitekant van die ring en die binnekant van die vier lengtes aan. Wanneer dit droog is, kan jou raam oorgetrek word.

5



Knip jou materiaal 15 cm breër en 45 cm langer as jou houtraam. Sit jou voëltjieprent op 'n plat oppervlak neer en plak dit met kleeflint vas. Sit die materiaal bo-op en gebruik die materiaalpen om die voëltjie op die materiaal af te trek. Herhaal die proses om nog voëltjies af te trek. **WENK:** Sit gewigte op jou materiaal om te keer dat dit rondskuif.

6



Drapeer die materiaal losweg oor die houtraam en bind dit met tou aan die bo- en onderkant vas. Sit 'n gloeilamp met 'n lae wattsterkte in of hang die lamp sonder gloeilamp in 'n hoek van jou huis op en kyk hoe die voëltjies in 'n briesie in hul laphokkie fladder en dans.

RIVIERKLIP IN KAMMA-MACRAMÉ

Versier 'n rivierclip met macramé-knope om as tafeldoekgewig, deurstop of net as 'n mooi ornament te gebruik. Die lus aan die bokant maak dit maklik om jou rivierclip op te hang.

MOEILIKHEIDSGRAAD: medium (verg 'n bietjie konsentrasie) **TYD:** halfuur

JY BENODIG

♥ rivierclip ♥ tou ♥ kleeflint ♥ maatband ♥ skêr

1




Knip jou tou in vier gelyke lengtes van omtrent 1 meter elk.

2



Vou die vier lengtes in die helfte en bind dit by die vou aan mekaar om 'n lus te vorm, met die los punte aan die onderkant.

3



Sit nou die tou op 'n plat oppervlak neer en spreid die los punte uit. Gebruik stukkie kleeflint en plak die lus soos op die foto op jou werkoppervlak vas – sodoende sal dit makliker wees om die knope te maak.

4



Hou die lus aan die onderkant van jou werk en bind twee van die los punte van die tou aan mekaar vas. Werk in 'n sirkel en herhaal dié stap tot jy tevrede met jou ontwerp is.

5



Sit die klip in die macramé-'nessie' en bind die oorblywende los punte styf aan die agterkant aan mekaar vas.



DIE OOP SEE

Binne laat dié droomverlore huisie op 'n Kaapse kUSDorp jou aan streepsuiker-lekkergoed dink, maar daar is ook 'n lang dek met 'n uitsig oor die oseaan. Die perfekte balans tussen vrolik en funksioneel.



teks LORI COHEN foto's WARREN HEATH produksie SVEN ALBERDING almal vir BUREAUX

Die nuwe eienaars van hierdie strandhuis teen die berg bo die kusdorpie St. James het geweet die plek kort liefdevolle aandag en iemand met visie. Maar die mooi ontwerp-elemente van die gebou en die belofte van 'n ligte, sorgvrye leefstyl was presies waarna die blomontwerpers Dané Erwee en Chris Willemse vir so lank uitgesien het.

'Ons het 'n dekade lank bly soek na 'n eiendom met 'n onbelemmerde uitsig,' verduidelik Dané, die een helfte van die kreatiewe span agter die Kaapse blom- en geleentheidsmaatskappy Okasie.

Om die kosbare uitsig ten volle te benut het hulle 'n dek bygevoeg wat meer leefruimte en vloei aan die huis gee, maar binne was die ruimte steeds beperk.

REGS: Die nuwe dek omskep die huisie in 'n ligte, leefbare ruimte waar die uitsig oor die see die hoofrol speel. Om visuele belangstelling te skep en die gefiltreerde lig af te wissel is die pergola ontwerp om soos die romp van 'n skip te lyk.

BO: Dané het die kaggel en kaggelrak met kleur, marmer en ou kinderboeke opgekikker om in te pas by die helder en speelse atmosfeer wat hy in die leefgedeelte wou skep.





Die sitkamer is hoofsaaklik gemeubileer met hergebruikte en herontwerpte stukke wat vir die eienaars se geleentheidsonderneming gemaak is. Die lang kussing is uit 'n ou tapisserie geskep en die koffietafel uit 'n houtlaaibord. 'n Mens kan nie help om party van die juweeltjies vir jouself te hou nie,' sê Dané. 'Jy weet jy sal nooit iets soortgelyks in 'n meubelwinkel kry nie.'



'n Blomontwerp wat Dané geskep het uit plante en blomme wat om die huis groei.

In 'n gewaagde maar briljante skuif, vertel Dané, het hulle die binnekant herbeplan en badkamers ingepas in wat vroeër 'n onnodige gang was.

Die ry van drie badkamers wat nou die slaapkamers van die leefgedeelte skei, bespaar 'n enorme hoeveelheid plek. Hulle het dié dapper ontwerpbesluit met oorgawe omhels en ou skuifraamvensters hergebruik

en bo die badkamerdeure ingebou om lig in te laat en 'n tikkie speelsheid by te voeg. Die mure is afgewerk met Cretestone wat met pigment gekleur is in warm pienk, olyfgroen en sagte blou. Die badkamers spog met Marokkaanse teëls in komplementêre kleure, wat 'n vrolike oorgang tussen die badkamers en die leefgedeelte bewerkstellig.

REGS: 'n Eenvoudige skeepskombuis was 'n praktiese en kostedoeltreffende oplossing vir hierdie naweek-wegbreekplek in St. James naby Kaapstad. Chris moedig natuurlike groei teen die klipmure rondom die huisie aan.



Volgens Dané is die inheemse tuin agter die huis net so belangrik vir die atmosfeer as die see self. 'Wanneer 'n briesie van die berg af kom, bring dit al die heerlike geure van die plante saam.' Die huisie lê op 'n heuwel bo 'n kusstrook wat bekend is vir sy rotse, getypoele en kleurvolle aantreklikhede op die strand.

Die speelse gebruik van verf word verder gevoer in die kombuis en leefgedeelte. Hier gloei perske- en waatlemoenkleure sag teen sekere mure, vensterlyste en die kaggel met 'n mentgroen skakering wat van die vloere tot by die oop houtplafon loop. 'Ek wou hê die huis moet lekker eksentriek wees – 'n bietjie Mediterreens, 'n tikkie Capri, en baie kleurvol,' sê Dané.

Los stukke marmar is vir die vensterbanke gesny om ekstra kleur en die gevoel van lae te skep. Die vloere is eenvoudig gehou met 'n gedempte sementafwerking, en in lyn met Dané se doelwit om soveel as moontlik van die oorspronklike boumateriaal weer te gebruik, is die ou dennehoutvloere ingespan om die dakruimte

uit te boks. 'Dit laat 'n mens voel of jy in hierdie pragtige kleure toegedraai is,' sê Dané en voeg by hulle wou ook hê die meubels moes 'lig en prettig' wees. Die hergebruik van meubels en unieke stukke uit hulle eie geleentheidsbesigheid maak dit moontlik – baie van die items in die huis kom uit die katalogus van hul eie skeppings oor die jare.

Hierdie filosofie loop deur tot in die kombuis, waar Theunis, Dané se broer, die meeste kaste en deure van hergebruikte luike of skerms gemaak het. Die kombuisrakke is oop – 'n praktiese keuse teen die sout en vogtige seelug – en sodat 'n mens ook geliefde stukke kan sien wat aan die huisie karakter gee.





LINKS: Die nuwe dek het die strandhuis omskep in 'n oop, ligte ruimte waar die see-uitsig die septer swaai. Die pergola in die vorm van 'n skepsromp skep visuele tekstuur met lig en skaduwee wat gedurig wissel.



Die huisie bevat allerlei elemente wat by die kusomgewing aansluit, soos die geverfde skulpe deur 'n plaaslike kunstenaar.

'Ek is steeds 'n bietjie van 'n kind,' lag Dané, 'ek hou van dinge wat dromerig en speels is.'

Die meeste deure en vensters was ongelukkig te verweer om te red. Nadat die gang herontwerp en die ingang geskuif is, is die voorkant van die huis oopgemaak met dubbelglasvensters en 'n nuwe posisie vir die deur. Die kombuis en eetgedeelte vloei nou uit op 'n dek met genoeg plek vir onthaal in die buitelug, middagslapies en 'n onbelemmerde uitsig oor die

Indiese Oseaan. Die pergola van begrotingsvriendelike houtlatte sorg dat die lig mooi gefiltreer word.

Die kombinasie van die welige tuin, die klipterrasse wat met kalkwit verf afgerond is, en die oop lug van die ruim dek voer jou onmiddellik weg na die Middellandse See. 'Vir ons het alles nog altyd oor die uitsig gegaan,' sê Dané. 'Natuurlik is die huisie wonderlik, maar ons meen sy hoofdoel is om soos 'n periskoop te wees waardeur ons die see kan geniet,' sê Dané.



LINKS: Soos met al die slaapkamers bereik 'n mens die hoofslaapkamer deur 'n badkamer. Die badkamer is ingerig in wat vroeër 'n sentrale gang was wat deur die huis geloop het.



Die gastekamer se badkamer verskil van die ander twee met sy groen tema – 'n mentkleurige pigment in die Creststone trek die verskeidenheid Marokkaanse teëls mooi saam.





**DIE GEHEIM VAN
DIE LEWE
IS OM TYD TE MORS
MET LEKKER DINGE.**



AHOOI!

Versier jou huis om heeljaar soos vakansie te voel.

projekte en stilering CARIN SMITH assistent JESSICA MOORE plekmatjies ANELLE BRITZ foto's MARIJKE WILLEMS



JÊMBLIKKE, VISBLIKKE

In hul seekos-geïnspireerde papierjassies sal hierdie blikke dadelik 'n spatsel somer na jou tafel bring.


Kopieer en knip die omhulselontwerpe op bladsy 56 uit. Bring die punte na mekaar om 'n silinder te vorm en gebruik 'n sponskwas om 'n paar lae verdunde kouelym aan die binne- en buitekant aan te wend. (Sodoende sal die omhulsel baie langer mooi bly.)

Glip die omhulsel oor 'n blik of glasfles en gebruik dit om messegoed, kruie of selfs servette in te hou.



Gestreepte tafeldoek
(aanwysings op
bladsy 45)





PLEKMATJIES MET STREPE EN VISSE

Sulke oulike plekmatjies sal 'n kreatiewe gesprekspunt na die tafel bring.

MOEILIKHEIDSGRAAD: maklik

TYD: halfdag

JY BENODIG

- ♥ borduurontwerp op bladsy 57
- ♥ stoffeermateriaal met tekstuur (genoeg vir 'n reghoek van 53 x 38 cm)
- ♥ rugkantmateriaal (dieselfde grootte)
- ♥ bypassende masjiengare
- ♥ krytverf (ons het Tjhoko in die kleur Godfrey's Glimpse gebruik)
- ♥ materiaalmedium vir verf (opsioneel)
- ♥ plat verfkwas
- ♥ maskeerband
- ♥ borduurgare wat by die verf pas
- ♥ borduurring en -naald
- ♥ aftrekmetode van jou keuse (ons het 'n ligkas en hitte-uitwisbare materiaalpen gebruik)

GROOTTE

Voltooide grootte: 50 x 35 cm.

SO MAAK JY

- 1 Merk 'n reghoek van 53 x 38 cm op jou materiaal (1,5 cm-naattoelatings is ingesluit). Trek die borduurontwerp op bladsy 57 binnekant dié area af. Dit is makliker om te borduur voordat die materiaal geknip word, aangesien die borduurwerk na aan die rand is. Gebruik agtersteek vir die buitelyn en details. Knip 'n rugkantstuk uit wat dieselfde grootte as die reghoek is.
- 2 Maskeer nou die strepe. Besluit hoe breed die strepe moet wees en plak maskeerband waar jy wil hê wit gedeeltes moet bly. Druk die rande van die maskeerband stewig vas sodat die verf nie onderin kan vloei nie.
- 3 Meng die krytverf met die materiaalmedium (indien jy dit gebruik) volgens die aanwysings. Gebruik 'n plat kwas en verf die gedeeltes wat nie toegeplak

is nie met die krytverf. Wend ligte lae aan sodat die materiaal nie styftrek nie. Laat dit vir omtrent 'n uur droog word voordat jy die maskeerband verwyder. Laat dit dan heeltemal droog word.

4 Maak nou die verf kleurvas. Sit die materiaal met die regte kant na onder neer. Bedek dit met 'n parslap en stryk dit vir 3-5 minute terwyl die yster heeltyd rondbeweeg word.

5 Sit die geborduurde voorkant met die regte kant na onder op die rugkantdeel neer. Stik dit rondom toe met 1,5 cm-naattoelatings, maar laat 'n klein opening vir omdop. Dop die plekmat na die regte kant om en werk die opening toe. Pars die plekmat sodat die rande netjies en plat is.

VERSORGING

Was die plekmat liggies met die hand in koue water en moenie hard vryf oor die geverfde gedeeltes nie. Pars dit aan die verkeerde kant.

GESTREEPTE TAFELDOEK

Hierdie tafeldoek met sy vlootstyl strepe is net die ding vir daardie lang, luilekker kuiersessies om 'n somertafel. Jy hoor dalk selfs die seemmeue doer bo roep ...

MOEILIKHEIDSGRAAD: maklik **TYD:** 'n uur of wat, plus droogtyd

JY BENODIG ♥ ligkleurige tafeldoek ♥ krytverf (ons het Tjhoko in die kleur Godfrey's Glimpse gebruik) ♥ verfpalet ♥ skuursponsie ♥ merkpen ♥ handwerkmes en snymat ♥ staalliniaal ♥ plastiekvel om op te werk

1



Skep eers 'n 'stempel' vir jou strepe: Trek met jou merkpen 'n streep oor die lengte van die onderkant van die skuurspons en sny halfpad deur die spons. Sny dan van die een lang sykant af ook halfpad deur die spons om 'n 'hap' te vorm.

2



Gooi die plastiekvel oor jou werkoppervlak en lê die tafeldoek bo-op neer. Gooi verf in jou palet, doop die gesnyde kant van jou spons in die verf en druk dit versigtig op een hoek van jou tafeldoek om 'n streep te maak. Herhaal die proses om al om die onderrand van die tafeldoek 'n streep patroon te skep. Doop jou spons soos nodig in die verf om die patroon te voltooi. **WENK:** Jy kan die strepe so netjies of meer rustiek maak soos jy wil, maar moenie te hard op die spons druk nie omdat die verf in die materiaal in kan 'bloeï'.



OVOS MOLES

Om geregte van ver plekke terug by die huis te eet, is een van die beste maniere om reisherinneringe te bewaar. Ná 'n onlangse besoek aan Aveiro aan die weskus van Portugal was ons begeesterd om ons eie ovos moles (letterlik 'sagte eiers') te maak. Omdat die soet lekkerny in die Europese Kommissie se register vir produkte uit geografies beskermde gebiede van oorsprong opgeneem is, moes ons ons eie resep bedink. Ons het sjokoladevormpies gebruik om ons wafeldoppies te maak.

Maak: 15-20 **Bereidingstyd:** 3 uur (afkoel- en stolyd ingesluit) **Oondtemperatuur:** 180 °C

VLAVULSEL ♥ 1 koppie suiker ♥ ½ koppie water ♥ 9 groot eiergele

(behou 3 eierwitte vir die wafeldoppies en vries die res om vir meringue te gebruik)

WAFELDOPPIES ♥ 2 koppies koekmeel (minus 6 eetlepels) ♥ 6 eetlepels mielieblom

♥ 2 eetlepels olyfolie ♥ ¾ koppie water ♥ 3 eierwitte

VLAVULSEL

1 Gooi die suiker en die ½ koppie water in 'n middelslagkastrol van vlekvrystaal en roer tot al die suiker opgelos het. Verhit die stroop oor matige hitte tot kookpunt en laat dit vir 5 minute kook. Haal die kastrol van die plaat af en laat die stroop effens afkoel.

2 Gooi die eiergele deur 'n sif in 'n skoon, droë bak. Voeg die warm stroop stadig en geleidelik by die eiergeel en roer die mengsel aanhoudend met 'n spaan tot alles goed ingemeng is.

3 Gooi die mengsel terug in die kastrol en laat dit vir 5-7 minute oor matige hitte prut tot dit begin verdik – hou heeltyd

aan met roer. Maak seker die mengsel kook nie. Die vulsel is gereed wanneer jy met die spaan 'n streep deur die mengsel kan trek en dit vloei nie terug nie.

4 Krap die vulsel in 'n skoon bak uit en bedek dit met kleefplastiek. Laat dit vir minstens 2 uur in die yskas staan om te stol voordat jy die wafeldoppies maak.



WAFELDOPPIES

Gooi die koekmeel en mielieblom op jou werkoppervlak uit en maak 'n holte in die middel. Giet die olyfolie en water in die holte. Gebruik 'n deegskrapper om die deeg te meng tot al die vloeistof geabsorbeer is. Knie dan die deeg vir sowat 10 minute met die hand of tot dit styf en elasties is. As jy 'n staanmenger het, kan jy dit vir 6 minute met die deeghaak meng.



Draai die deeg in kleefplastiek toe en verkoel dit vir 20 minute in die yskas. Haal dan die deeg uit die yskas en plaas dit op jou meelbestrooide werkoppervlak. Rol die deeg met 'n koekroller papierdun uit (dit moet amper deursigtig wees). Sny die deeg in stukke wat effe groter is as jou vormpies en druk dit versigtig teen die kante vas.



Laat die deeg vir 'n uur in die vorms uitdroog. Haal dit dan uit die vorms en bak dit vir 8-10 minute in die verhitte oond. Hou dit mooi dop terwyl dit in die oond is – die deeg moenie verbruin nie. Haal die gaar dummies uit die oond en laat dit heeltemal afkoel voordat jy dit met die koue vla vul. Gebruik die eierwit om die gevulde dummies twee-twee aan mekaar vas te plak. Sit dit dadelik voor of hou dit vir tot twee dae in 'n lugdigte houer in die yskas.



VROLIKE VISSE

Stik verskillende vissiekussings, hetsy uit mooi lap
of 'n gedrukte foto, en maak selfs 'n sleutelring.

kussings ELIZABETH FESTER sleutelhouers ANELLE BRITZ



Bont kussings
(aanwysings op
bladsy 51)



Vis op materiaal gedruk deur smartart.co.za.

FOTO-KUSSING

Laat druk 'n mooi foto van 'n vis op materiaal vir dié kussing.

MOEILIKHEIDSGRAAD: maklik

TYD: 'n dag en 'n half vir al vier kussings

JY BENODIG

- ♥ visprent gedruk op wit materiaal
- ♥ wit materiaal vir die agterkant
- ♥ bypassende masjiengare
- ♥ poliësterstopse

SO MAAK JY

- 1 Sit die wit materiaal op die visprent met die regte kante teen mekaar en speld dit vas. Trek 'n 2 cm-naattoelating reg rondom by, knip dit uit en stik dit vas, maar laat 'n opening vir die stopse.
- 2 Dop jou vis na die regte kant om en stop dit op. Werk die opening netjies toe.

BONT KUSSINGS

Hierdie kussings in die vorm van visse sal elke jong visserman se hart steel.

JY BENODIG

- ♥ vispatroon op bladsy 56
- ♥ materiaal in verskillende patrone
- ♥ wit materiaal vir die kopdeel
- ♥ bypassende masjiengare
- ♥ swart vilt
- ♥ poliësterstopse

SO MAAK JY

- 1 Trek die vislyfpatroon op bladsy 56 op die bont materiaal af en knip twee pante per vis uit. Onthou om 'n 2 cm-naattoelating reg rondom aan te knip. Doen dieselfde vir die kopdeel op die wit materiaal.
- 2 Stik die kopdeel aan die lyfdeel vas.
- 3 Knip twee sirkels vir die oë uit die swart vilt en werk dit in posisie vas.
- 4 Sit die twee pante op mekaar met die regte kante teen mekaar en stik dit toe, maar laat 'n opening vir die stopse. Dop jou vis na die regte kant om en stop dit op. Werk die opening netjies toe.

SLEUTELRINGE

Borduur 'n paar vissies, elk met sy eie ontwerp, en bring die somer met naald en gare binnetoe.

MOEILIKHEIDSGRAAD: maklik

TYD: 'n halfdag vir al drie sleutelringe

JY BENODIG

- ♥ vissiepatrone op bladsy 57 (lyflengte 14,5 cm)
- ♥ linnemengselmateriaal: wit vir die lyf, rooi vir die stert
- ♥ borduurgare in verskillende skakerings van blou
- ♥ borduurnaald en klein borduurring
- ♥ poliësterstopse

- ♥ sleutelringe

- ♥ aftrekmetode van jou keuse (ons het 'n ligkas en hitte-uitwisbare materiaalpen gebruik)

SO MAAK JY

- 1 Trek jou gekose sashiko-styl patroon (sterre, golwe of kruise) op bladsy 57 en 'n oogsirkel op die materiaal af. Borduur die ontwerp voordat jy dit uitknip sodat die materiaal gestrek in die borduurring bly. Gebruik agtersteek vir die ontwerpe en heg die knope deeglik aan die agterkant van jou werk.
- 2 Knip twee lyfdele per vis uit die geborduurde materiaal. Knip twee stertdele per vis uit die rooi materiaal.
- 3 Sit een stertdeel en een lyfdeel op mekaar met die regte kante teen mekaar en die reguit rande gelyk. Stik dwarsoor om die stert aan te heg. Herhaal die proses met die tweede lyf- en stertdeel.
- 4 Sit die twee voltooidde lyf-en-stertdele op mekaar met regte kante teen mekaar. Stik die vis rondom toe met 'n 5 mm-naattoelating, maar laat 'n klein opening op die maag.
- 5 Dop die vis na die regte kant om. Stop dit met klein bietjies poliësterstopse op, ferm, maar nie te hard nie.
- 6 Werk die opening netjies met die hand en glipsteek toe.
- 7 Werk met die hand 'n sterk lus aan die vis se kop en heg die sleutelring aan.

BLY KOEL

Hekel dié mooi top vir die strand en om koel te bly op die warm somerdae.

projek MARICA PERREIRA

MOEILIKHEIDSGRAAD: gemiddeld

TYD: 3 dae

JY BENODIG

- ♥ Elle Cottons-4-draad:
- 2 x 50 g-bolle in Natural (014) vir die HK
- 2 x 50 g-bolle in Reef (204) vir die KK
- ♥ 3 mm-hekelpen
- ♥ 1 steekmerker
- ♥ naald om breidraadpunte in te werk

GROOTTE

Pas borsmaat 80 cm. Vir groter groottes, vermeerder die patroonherhalings in veelvoude van 2 deur 12 ks by die basis-ketting te tel. Elke 2 patroonherhalings sal die borsmaat met 5 cm vergroot.

SPANNING

2 patroonherhalings en 7 rye = 5 x 5 cm. Ander breidraad, hekelpendikte en persoonlike spanning sal jou spanning beïnvloed.

AFKORTINGS

gls – glipsteek
her – herhaal
HK – hoofkleur
hlb – halwe langbeen
kb – kortbeen
KK – kontraskleur
ks – kettingsteek
lb – langbeen
rdte(s) – rondte(s)
RK – regte kant
SM – steekmerker
sp – spasie

st(e) – steek(steke)

tvS – top van skulp

vlg – volgende

PATROONNOTAS

Hekel in rondtes tot by die armsgat-fatsoenering en van daar af in rye. Draai jou werk ná elke ry om, selfs wanneer in rondtes gehekel word. Die gelyke rye (d.i. KK) is die regte kant van jou werk.

SPESIALE STEKE

Skulp = 5 lb in dieselfde st. Top van skulp (tvS) verwys na die 3e lb in die skulp.

SO HEKEL JY

ONDERPANT (in rondtes gehekel)

Met HK, ks 193.

Rdte 1 HK: 1 kb in die 2e ks van pen, slaan 2 ks oor, 5 lb in die vlg ks, slaan 2 ks oor, *1 kb in die vlg ks, slaan 2 ks oor, 5 lb in die vlg ks, slaan 2 ks oor, her van * [= 32 herhalings] en maak seker jou werk is nie gedraai nie, met KK gls in die 1e kb. Draai.

Rdte 2 KK: Ks 3 (tel as lb), 2 lb in dieselfde sp, 1 kb in tvS, *5 lb in vlg kb, 1 kb in tvS, her van *, 2 lb in dieselfde sp as die 1e 3 ks, met HK gls in die 3e ks. Draai.

Rdte 3 HK: 1 kb in dieselfde sp as gls, 5 lb in vlg kb, *1 kb in tvS, 5 lb in vlg kb, her van * tot einde van rdte, bring HK na die voorkant van die werk, neem KK na die agterkant (dit sal voorkom dat 'n draad oor die RK van jou werk lê), met KK gls in die 1e kb. Draai.

Her rdtes 2 en 3 tot jy 30 rdtes het [= 15 rdtes in elke kleur]. Laat die gls weg in die laaste rdte en sit 'n SM in dié st. Knip albei kleure af, maar laat 'n 10 cm-lengte om deeglik weg te werk. Van hier af hekel jy in rye. Heg af en knip die breidraad af ná elke ry. Gaan voort om die kleure af te wissel en draai jou werk ná elke ry om.

VOORPANT

Slaan die skulp waar jy geëindig het en die vlg 2 lb oor.

Ry 1 HK: 1 kb in vlg tvS, *5 lb in vlg kb, 1 kb in tvS, her van * 13 keer [= 14 skulpe].

Ry 2 KK: 1 kb in 1e tvS, *5 lb in kb, 1 kb in tvS, her van * tot by laaste skulp [= 13 skulpe].

Ry 3 HK: Her ry 1 [= 12 skulpe].

Ry 4: Las breidraad aan in die 1e kb, ks 3 (tel as lb), 1 lb in dieselfde sp, 1 kb in tvS, *5 lb in kb, 1 kb in vlg tvS, her van * tot by laaste skulp, 2 lb in die laaste kb.

Ry 5: GlS in die 1e lb, slaan 1 lb oor, 3 lb in die kb, 1 kb in vlg tvS, *5 lb in die vlg kb, 1 kb in tvS, her van * tot by laaste skulp, 3 lb in laaste kb, gls in top van 3 ks.

Ry 6: Kb in 1e lb, *5 lb in vlg kb, 1 kb in tvS, her van * tot by laaste kb, slaan 2 lb oor, 1 kb in 3e lb [= 11 volle skulpe].

Her rye 4-6 nog twee keer. Ry 9 sal 10 skulpe hê en ry 12 sal 9 hê.

Ry 13: 2 lb in 1e kb, 1 kb in tvS, *5 lb in vlg kb, 1 kb in tvS, her van * tot by laaste skulp, 2 lb in laaste kb.



AGTERPANT

Slaan 1 volle skulp oor en begin in vlg tvs, her die aanwysings vir die voorpant. Daar moet een volle en twee halwe skulpe onder die arm tussen die voor- en agterpante wees. Hekel die randstroke in HK met RK na jou toe.

ONDERRAND

Werk in die basisketting en hekel 1 kb in dieselfde ks van elke kb en 5 lb in dieselfde ks van elke skulp. Heg af en knip breidraad af.

HALS- EN ARMSGATRAND

Steek pen in die st op jou SM, gebruik HK om gls in die bokant van die ks te hekel om daardie rdte te sluit, 1 kb in dieselfde sp, *5 lb in vlg kb, 1 kb in vlg tvs, 5 lb in vlg tvs, 1 kb in vlg tvs, 5 lb om die vlg lb, 1 kb in vlg kb, 5 lb in top van vlg lb, 1 kb in vlg kb, 5 lb in top van vlg lb, 1 kb in top van vlg lb. Jy moet nou by die borand van die hals wees. Volg die patroon tot by die vlg hoek.

1 kb in die laaste lb van die halsrand, 5 lb in top van vlg lb, 1 kb in die vlg kb, 5 lb in top van vlg lb, 1 kb in vlg kb, 5 lb om vlg lb, 1 kb in top van vlg skulp, 5 lb in top van vlg skulp, 1 kb in vlg 5 lb, 5 lb in vlg kb, 1 kb in vlg tvs. Her van *, sluit met 'n gls in die 1e st. Heg af.

SKOUEBAND (hekel 2)

Begin omtrent 20 cm van die eindpunt van die breidraad (jy gaan dit nodig kry om die band aan die top vas te werk), ks 60, 5 hlb in die 3e ks van die pen, slaan 2 ks oor, gls in die vlg ks, *slaan 2 ks oor, 5 hlb in die vlg ks, slaan 2 ks oor, gls in die vlg ks, her van *, eindig met 'n gls in die laaste ks. Hekel terug na die begin aan die teenoorstaande kant van die ketting en her weer van *. Gl's in die 1e hlb, heg af en laat 'n draadpunt wat lank genoeg is om die band aan die top vas te werk.

AFWERKING

Werk alle los breidraadpunte in en werk die bande in posisie aan die voor- en agterpante van die top vas.



BLOUSTE BLOU

Dra lug, water en koel briesies saam met jou deur die somer in dié oulike klein sakkie, net groot genoeg vir jou spesiale goedjies.

projek ELSBETH EKSTEEN

MOEILIKHEIDSGRAAD: medium
(jy moet verskeie hekelsteke onder die knie hê om die projek te voltooi)

TYD: 3 dae

JY BENODIG

- ♥ dubbelbreidraad in verskillende skakerings van blou:
 - Elle Merino in Ravine
 - African Expressions Harmony in ligblou
 - Vinnis Nikkim in helderblou
- ♥ 'n bietjie naaswit dubbelbreidraad
- ♥ 4 mm-hekelpen
- ♥ blou materiaal vir die sakvoering
- ♥ aanstryktussenvoering
- ♥ bypassende gare
- ♥ tapisserienaald
- ♥ handsakhandvatsel

AFKORTINGS

beg – begin
dsl – dubbelslagsteek
gls – glipsteek
her – herhaal
hlb – halwe langbeen
kb – kortbeen
ks – kettingsteek
lb – langbeen
rdte(s) – rondte(s)
RK – regte kant
sp – spatie
st(e) – steek(steke)
vlg – volgende

SO HEKEL JY**MOTIEWE** (hekel 8)

Rdte 1: Met 4 mm-pen en ligte kleur breidraad, maak 'n wonderring, ks 3, *dsl, ks 1* 11 keer, gls in opening van ks 3. Heg af.

Rdte 2: Heg helderblou breidraad aan in enige sp, ks 3 (tel as eerste lb van die 3 lb-trossie), hekel 2 lb en hekel 'n trossie, ks 3, hekel 'n trossie en ks 3 in elke oop sp van rdte 1, gls bo in eerste trossie en heg af.

Rdte 3: Heg donkerblou breidraad aan in enige sp tussen die trossies, *ks 2 (tel as hlb), hekel 2 lb, ks 2, 2 lb, hlb in die sp, 4 kb in vlg sp*; her nog 3 keer en gls in die ks 2 aan beg van rdte.

Steek dieselfde kleur breidraad in tapisserienaald en werk die motiewe sy teen sy aan mekaar vas. Werk alle breidraadopunte in. Jy het ewe veel motiewe vir die agter- en voorkante.

BOKANT VAN SAK

Rdte 1: Heg ligte kleur breidraad aan in boonste hoek van enige motief, ks 1, kb in elke st, gls in ks 1.

Rdte 2: Ks 3 (tel as lb en ks), *slaan 'n st oor, lb in vlg st en ks*; her tot einde van rdte en gls in die ks 3 aan beg van rdte.

Rdte 3: Ks 1, 2 kb in elke ks-sp, gls in eerste ks van die rdte en heg af.

ONDERKANT VAN SAK

Draai hekelwerk om om weer oor die ry motiewe te hekel.

Heg ligblou breidraad aan in hoek-sp van 'n motief, her rdtes 1-3 en heg af.

Rdte 4: Heg helderblou breidraad aan werk, ks 1, kb in vlg st, *hekel 'n bobbel in vlg st, kb in vlg 2 ste*; her tot die einde van rdte en gls in ks aan beg van rdte.

Rdte 5: Ks 1, kb in elke st tot einde van rdte, gls in ks en heg af.

Rdte 6: Heg donkerblou breidraad aan werk, ks 2 (tel as lb) en lb in elke st, gls in ks 2 aan beg van rdte. Los donkerblou breidraad en laat so vir rdte 8.

Rdte 7: Heg ligte kleur aan werk, ks 1, *kb in vlg st, ks 1, slaan 'n st oor*; her tot einde van rdte en gls in ks aan beg van rdte. Heg af.

Rdte 8: Tel donkerblou breidraad op deur die sp van rdte 6 en ks 1, kb in dieselfde sp, *2 kb in elke sp tot einde van rdte, gls in ks 1 aan beg van rdte. Heg af.

Rdte 9: Heg helderblou breidraad aan, ks 2, 2 lb in dieselfde st, *slaan 2 ste oor, 3 lb in vlg st*; her tot einde van rdte, gls bo in ks 2 aan beg van rdte. Los breidraad so om in rdte 11 te gebruik.

Rdte 10: Heg donkerblou breidraad aan tussen lb van vorige rdte, ks 2 en 2 lb in dieselfde sp, *slaan 2 ste oor, 3 lb in vlg st*; her tot einde van rdte, los breidraad so om in rdte 12 te gebruik.

Rdte 11: Tel helderblou breidraad weer op en ks 1 in sp tussen lb, ks 2 en 2 lb in dieselfde sp, *slaan 2 ste oor, 3 lb in lb-sp van vorige rdte*; her tot einde van rdte. Heg af.

Rdte 12: Her rdte 10 weer met donker breidraad.

Rdtes 13-16: Ks 1, kb in elke st, gls in ks 1 aan beg van rdte. Heg af.

VOLTOOI ONDERKANT VAN SAK

Hekel 2 motiewe en las dit. Heg ligblou breidraad aan in hoek-sp, ks 2, 2 lb, ks 2, 3 lb, *3 lb tussen hlb en kb van motief, 3 lb tussen kb en hlb van motief, (3 lb, ks 2, 3 lb) in hoek-sp*; her van * tot * en gls bo in ks 2 aan beg van rdte. Heg af, maar laat 'n lang punt om die onderkant aan die sak vas te werk. Steek draad in tapisserienaald, speld die onderkant egalig aan die sak vas en werk aan mekaar vas. Werk alle breidraadopunte in.

HANDVATSEL


Werk handvatsel met tapisserienaald en bypassende gare oor afstand van 2 middelste motiewe van een kant vas. Her aan ander kant en werk garepunte in.

MAAK DIE VOERING

Sit die sak op die materiaal neer en knip volgens grootte uit. Stryk tussenvoering aan. Werk die voering aan die onder- en syrande aan mekaar vas. Vou die soom aan die borand in om 'n netjiese rand te verkry en stryk die soom plat om 'n skerp vou te hê. Steek materiaal in sak – regte kant moet sigbaar wees en verkeerde kant teen die hekelwerk. Hou met spelde in posisie. Steek breidraad in naald en werk met krielsteek aan sak vas.

DEKORATIEWE KOORD

Met ligte kleur breidraad en hekelpen, ks 3, hekel 3 lb-trossie in die eerste ks, hekel ks tot ketting lank genoeg is, lb in 3e ks van die einde en hekel nog 'n trossie. Heg af en werk breidraadopunte in. Hekel nog 'n koord. Ryg 'n koord aan borand van elke kant van die sak in en knoop in 'n strik.




Bokant van sak

motiewe

Onderkant van Sak


Hekeldiagram



werk handvatsel
oor 2 motiewe
vas




- x - kb
- T - hlb
- F - lb
- o - bobbel
- ∇ - lb-trossie
- o - kettingsteek
- - glipsteek




53 CM

38 CM



14,5 CM





KUNSWERK: HANNES KOEGELEBERG

OPEN HOMES

Besoek pragtige, kontemporêre huise wat neigings in argitektuur, ontwerp, kookkuns, tuinmaak en leefstyl ten toon stel.

Maandae 19:30

DStv Kanaal 176

Vir meer inligting besoek www.thehomechannel.co.za

**the
home**
CHANNEL

TERUG OP REIS

Koester jou vakansieherinneringe met elke bladsy van 'n reisjoernaal. Ons wys jou hoe jy joune kan maak en wat om daarin te sit.

projek en stilering CARIN SMITH foto's ED O'RILEY



KRY IETS UIT DIE NATUUR

Pluk 'n blom van 'n mooi plant op jou reise en pars dit in jou vakansieboek. Vir my neem dit terug na die park waar ek 'n piekniek geniet het of die mooi boomryke laning waarlangs ek gestap het. Wanneer ek die blomme sien, is dit asof dit my op 'n geurreis terugneem.

Skep 'n plakboek vol van jou foto's, kaartjies, kaarte, betaalstrookies en sketse om jou herinneringe aan jou vakansie vars te hou. Anders as 'n fotoalbum, is dit 'n tasbare dagboek vol tekstuur en reuke wat jou onmiddellik sal terugvoer na jou reis.

JY BENODIG

- ♥ reisaandenkings ♥ seëls en/of plakkers ♥ etikette ♥ sketsboek ♥ penne en potlode
- ♥ potloodkryte ♥ handwerkgom ♥ kleeflint ♥ enigiets anders wat jy wil byvoeg





TEKEN WAT JY SIEN


Neem 'n sketsboek en aantal potlode of 'n pen saam om te teken wat jy sien wanneer jy by 'n kafee sit. Die bykomende voordeel is dat dit jou laat fokus en werklik jou omgewing raaksien. Ons word op 'n reis dikwels so oorlaai met visuele stimulasie en dit dwing jou dan om te sit en alles werklik waar te neem.

WAT HET JULLE GEËET?

Dit is maklik, want ons eet almal graag en dit is altyd 'n goeie idee om met ons mae te reis en geregte te proe van die land of streek waarin jy is. Maak vir dié bladsy 'n collage van foto's, betaalstrokies, servette, selfs die suikersakkie, van jou beste kosherinneringe.

Ander goed wat hierby gevoeg kan word:

- ❁ die naam van jou gunsteling-gereg
- ❁ die naam en nommer van die restaurant
- ❁ 'n foto van die gereg



FOKUS AANDAGTIG OP IETS

Dit kan enigiets wees wat jy sien, maar fokus op een tema, 'n patroon, 'n blom, dalk die kleur rooi, en maak dit die fokuspunt van die bladsy.





GEEN GRATIS TOEGANG NIE

Hou al die kaartjies, toegangskaartjies, treinkaartjies, selfs jou instapkaartjie. Dit is so 'n prettige manier om elke oomblik te herleef. Ons het 'n klein sakkie in ons reisjoernaal geskep waarin al ons kaartjies gebêre word.

OP DIE KAART

Voeg allerlei soorte kaarte by, insluitend padkaarte, kaarte wat bus- of treinroetes aandui en 'n museumuitleg, en merk enigiets wat vir jou uitgestaan het. Dis dalk 'n goeie koppie koffie, jou gunsteling-gallery, 'n mooi park of 'n plek waar julle oorgeslaap het.



MOENIE VAN DIE KINDERS VERGEET NIE

Maak 'n aktiwiteitsreisjoernaal om die kinders tydens jul reis besig en geprikkel te hou. Dit is 'n wonderlike manier om hul aandag af te trek agterin 'n motor, op 'n vliegtuig of selfs in 'n besige restaurant. Dink aan die boek as 'n skattejag, aangesien dit hulle elke dag iets gee om te doen. As 'n bonus leer hulle dalk iets oor waar hulle is.



NOG 'N PAAR VOORSTELLE

LETTER VAN DIE DAG: Laat die kinders iets teken wat met dié letter begin.

AANDENKINGS: Kry iets wat jy in die boek kan plak, soos 'n kaartjiesukkie, blom of sjokoladepapiertjie.

SIEN DIERE RAAK: Laat hulle die diere teken wat hulle die dag gesien het – dalk 'n leeu, 'n straatkat of 'n kleurvolle voël.

KLERE: Wat het hulle die dag aangehad? Dit is 'n goeie manier om die weer in te sluit.

KOS: Die belangrikste – wat was vir hulle die lekkerste om te eet?

PADLANGS: Voeg 'n kaart by van waarheen julle op pad is en laat die kinders dit met hul eie papiermotor volg.

ANDER IDEES

- ✿ Maak 'n dambord om op te speel en sluit ook ander speletjies soos laksman of slangetjies-en-leertjies in.
- ✿ Sit papiervlaggies van die plekke wat hulle gesien het, op die kaart. ✿ Gee vir hulle iets om af te trek.

BLOM- KALENDER

Versier jou lessenaar met hierdie oulike kalender en maak
sommers seker jy vergeet nooit weer 'n verjaardag nie.

projek en stilering HANNES KOEGELBERG foto's ED O'RILEY

MOEILIKHEIDSGRAAD: maklik **TYD:** 1 dag

JY BENODIG

- ♥ kalenderblaaie met blompotprente op bladsye 70-75
- ♥ stewige karton
- ♥ handwerkgom
- ♥ handwerkmes en snymat
- ♥ koeldrankbotteltjie vir jou vaas

1



Kopieer die kalenderblaaie met blompotprente op bladsye 70-75 en plak elke maand se kalenderblad met jou handwerkgom op stewige karton vas.

2




Sny die oortollige kartondele met jou handwerkmes weg en sny ook 'n klein opening uit die nek van die blompot waardeur 'n blom se steel kan pas.

3



Maak jou koeldrankbotteltjie vol water en laat rus die kalender teen die botteltjie. Druk 'n blom deur die opening in die blompot se nek en sit dit in die botteltjie met water.





JANUARIE

1	16
2	17
3	18
4	19
5	20
6	21
7	22
8	23
9	24
10	25
11	26
12	27
13	28
14	29
15	30
	31



FEBRUARIE

1	16
2	17
3	18
4	19
5	20
6	21
7	22
8	23
9	24
10	25
11	26
12	27
13	28
14	29
15	



MAART

1	16
2	17
3	18
4	19
5	20
6	21
7	22
8	23
9	24
10	25
11	26
12	27
13	28
14	29
15	30
	31



APRIL

1	16
2	17
3	18
4	19
5	20
6	21
7	22
8	23
9	24
10	25
11	26
12	27
13	28
14	29
15	30



MEI

1	16
2	17
3	18
4	19
5	20
6	21
7	22
8	23
9	24
10	25
11	26
12	27
13	28
14	29
15	30
	31



JUNIE

1	16
2	17
3	18
4	19
5	20
6	21
7	22
8	23
9	24
10	25
11	26
12	27
13	28
14	29
15	30



JULIE

1	16
2	17
3	18
4	19
5	20
6	21
7	22
8	23
9	24
10	25
11	26
12	27
13	28
14	29
15	30
	31



AUGUSTUS

1	16
2	17
3	18
4	19
5	20
6	21
7	22
8	23
9	24
10	25
11	26
12	27
13	28
14	29
15	30
	31



SEPTEMBER

1	16
2	17
3	18
4	19
5	20
6	21
7	22
8	23
9	24
10	25
11	26
12	27
13	28
14	29
15	30



OKTOBER

1	16
2	17
3	18
4	19
5	20
6	21
7	22
8	23
9	24
10	25
11	26
12	27
13	28
14	29
15	30
	31



NOVEMBER

1	16
2	17
3	18
4	19
5	20
6	21
7	22
8	23
9	24
10	25
11	26
12	27
13	28
14	29
15	30



DESEMBER

1	16
2	17
3	18
4	19
5	20
6	21
7	22
8	23
9	24
10	25
11	26
12	27
13	28
14	29
15	30
	31

PAPIER, MY DIER

Met net sny-, embosseer- en steekwerk het ons pragtige, amper driedimensionele kunswerke uit papier geskep wat in enige huis sal bekoor.

teks, stilerings en foto's SABINE ZIMDAHL vir TAVERNE

Papier is 'n wonderlike materiaal. Raak net aan 'n pragtige vel handgemaakte papier en voel hoe jou onstuimige gemoed bedaar. Waarom nie na 'n kunswinkel gaan en jou verdiep in alles wat jy met papier kan maak nie? Van lig soos 'n veer tot iets swaarders, van sysag tot tekstuurryk, is kunstige reliëfwerk 'n wonderlike manier om te ontspan en terselfdertyd iets unieks te skep.

GROOT BLOMKUNSWERK

Verlustig jou in ons indrukwekkende blomtablo.

MOEILIKHEIDSGRAAD: maklik

TYD: 3 uur vir 'n ontwerp met 30 blomme

JY BENODIG

- ♥ blompatrone op bladsy 85
- ♥ 'n groot vel dik of handgemaakte papier (440 g/m²)
- ♥ handwerkmes en snymat
- ♥ potlood

- ♥ 'n tappenstok of sterk koord om die kunswerk aan te hang

SO MAAK JY

- 1 Sny met 'n skerp handwerkmes 'n sirkel met 'n deursnee van omtrent 50 cm uit jou papier.
- 2 Kopieer die blompatrone op bladsy 85. Die groottes moet tussen omtrent 4 cm en 6 cm in deursnee wees, sodat die blomme verskillende groottes sal wees.
- 3 Sny die gekopieerde patrone uit. Sit dit op die verkeerde kant van die papiersirkel en trek dit met 'n potlood na. Besluit self hoeveel blomme jy wil hê.

- 4 Sny elke blom uit en hou net voor die middel (oksel) op sodat dit in die middel aan die papier vasgeheg bly.

- 5 Druk elke blomblaar met jou vingerpunte liggies vorentoe van die verkeerde kant van die papier af om pragtige blomme te vorm.

- 6 Heg die tappen of koord aan die agterkant van die kunswerk vas om dit op te hang.

NOTA: Ons het die prentjie afgerond met 'n wit krisantblom en 'n paar gedroogde plantdele. Die aanwysings vir die klein papiervaas op die rak is op bladsy 83.



handwerk



GEËMBOSSEERDE BOEKOORTREKSEL

Verander 'n onversierde skryfboek of joernaal met delikate reliëfwerk in iets besonder.

MOEILIKHEIDSGRAAD: maklik

TYD: 1 uur

JY BENODIG

- ♥ onversierde skryfboek of joernaal
- ♥ 'n vel sketspapier groot genoeg om oor jou boek te trek (170 g/m²)
- ♥ houtsosatiestokkie
- ♥ kombuisdoek
- ♥ PVA-lym
- ♥ handwerkmes en snymat
- ♥ liniaal

SO MAAK JY

- 1 Maak jou boek oop, meet dit en tel omtrent 3 cm reg rondom by.
- 2 Sny met jou handwerkmes die reghoek soos dit gemeet is uit die vel sketspapier.
- 3 Sit die vel papier op die kombuisdoek. Krap versigtig met die punt van die sosatiestokkie lyne van verskillende lengtes in 'n stervorm op die papier. (Wees versigtig om nie deur die papier te krap nie.) Moenie te presies wees nie – jy wil korter en langer lyne hê.
- 4 Druk met die punt van die sosatiestokkie klein kolletjies aan die punt van elke lyn om blomtrosse te vorm. Dit sal die verkeerde kant van jou ontwerp wees.
- 5 Meet die rugkant van jou boek. Gebruik jou liniaal as gids en maak twee kepe in die middel van die vel papier (aan die bo- en onderrand) ooreenstemmend met die breedte van die rugkant en die lengte van die boek. Maak seker die kepe is diep genoeg sodat die boek styf tussen die oortreksel kan inpas. Vou die flappe na binnetoe in.
- 6 Sit jou boek op die papier (met die embosseerwerk na buite) met die rugkant presies tussen die ingevoude flappe in.
- 7 Vou die flappe in en lym al die rande wat uitsteek aan die eerste en laaste bladsy van jou boek vas.



RELIËFVASE

Vir dié projek is 'n maklike embosseertegniek gebruik. Die blomme sal vir altyd hou ... en geen water is nodig nie.

MOEILIKHEIDSGRAAD: maklik

TYD: 2 uur

JY BENODIG

- ♥ bottel- en vaaspatrone op bladsy 85
- ♥ karton van 3 mm dik
- ♥ 'n vel A3-sketspapier (170 g/m²)
- ♥ embosseerstokkie met 'n geronde punt (of gebruik 'n verfkwassteel)
- ♥ laaghoutbord vir montering
- ♥ PVA-lym
- ♥ botteletiket
- ♥ mini-reliëfletters
- ♥ handwerkmes en snymat
- ♥ potlood en liniaal
- ♥ gedroogde blomme

SO MAAK JY

- 1 Kopieer die patrone op bladsy 85 (die klein bottel moet 18 cm hoog wees,

die groter bottel 20 cm en die vaas 11 cm) en knip dit versigtig uit.

- 2 Trek die patrone op die karton na en sny dit met 'n skerp handwerkmes uit.
 - 3 Rangskik die patrone op jou snymat. Sit die sketspapier oor die patrone en trek die buitelyne met jou embosseerstokkie na. Werk van bo af en pas ligte, egalige druk toe. Verwyder die patrone wanneer jy klaar is.
 - 4 Om 'n 'raam' om jou kunswerk te sit, draai die papier om en skep 'n randstrook deur met jou embosseerstokkie reguit lyne 2 cm van die rand van die papier af te trek. Gebruik die rand van 'n reguit stuk karton of die snymat as gids.
 - 5 Sny klein splete in die bokante van die vaas en bottels waardeur plantstingels gesteek kan word.
 - 6 Monteer jou papierkunswerk met PVA-lym op 'n laaghoutbord.
 - 7 Maak 'n botteletiket met mini-reliëfletters en rangskik jou gedroogde blomme in die vase.
- NOTA:** Ons het *Galium odoratum*, krytblom en klaverblare gebruik.



LAMPKAP MET SKOENLAPPERS

Maak enige vertrek spesiaal met dié bekoorlike lampkap versier met dimensionele papierskoenlappers.

MOEILIKHEIDSGRAAD: maklik

TYD: 1-2 uur

JY BENODIG

- ♥ skoelapperpatroon op bladsy 85
- ♥ 2 velle handwerkpapier (170-300 g/m²) wat om jou lampkap pas
- ♥ alantkleeflint
- ♥ handwerkmes en snymat
- ♥ potlood
- ♥ onversierde lampkap
- ♥ koordstel en gloeilamp

SO MAAK JY

- 1 Kopieer die skoelapperpatroon op bladsy 85. Sit die patroon op een vel handwerkpapier en trek die skoelappervorms met jou potlood op die agterkant van die papier na. Besluit self hoeveel skoelappers jy wil hê.
- 2 Sny elke skoelapper met 'n skerp handwerkmes uit – maar net tot by die merk op die patroon. Die middel van die skoelapper word nie gesny nie.
- 3 Werk aan die verkeerde kant van die ontwerp en druk elke skoelapper-vlerk met jou vingerpunte liggies vorentoe om aan jou skoelappers 'n driedimensionele voorkoms te gee.
- 4 Plak eers die onversierde en dan die versierde vel papier stewig aan jou lampkap vas met alantkleeflint.

- 5 Heg 'n gepaste koordstel en LED-gloeilamp aan wat nie sal oorverhit nie.

VAAS-OMHULSEL

As die blomme op die vaas so goed lyk, is blomme byna nie nodig nie!

MOEILIKHEIDSGRAAD: maklik

TYD: 1-2 uur

JY BENODIG

- ♥ vaas- en blompatrone op bladsy 85
- ♥ A4-velle sketspapier (170 g/m²)
- ♥ 'n groot naald of spykerels
- ♥ kombuisdoek
- ♥ handwerkmes en snymat
- ♥ potlood
- ♥ glasvaas
- ♥ blomme van jou keuse

SO MAAK JY

- 1 Kopieer die vaaspatroon (24 cm hoog) en blompatrone (4-7 cm in deursnee) op bladsy 85.
 - 2 Sny met 'n skerp handwerkmes twee identiese vaasvorms uit jou sketspapier.
 - 3 Om die blomme te maak, werk van die onderkant af boontoe, gebruik jou potlood, trek die blomvorms op die vaasvorms na en sny dit versigtig uit, maar laat die middelgedeeltes (oksels) ongesny (volg die merke op die patroon).
 - 4 Vorm nou die blomme deur die papier om te draai en die blomblare liggies met jou vingerpunte vorentoe te druk om dimensionele blomme te skep.
 - 5 Sit die kombuisdoek onder die blomme (dit sal help om die intanding sonder veel moeite reg te kry). Werk van die bokant af en gebruik die groot naald om klein gaatjies in die middel van elke blom te druk. Jy kan dié stap voltooi wanneer albei sye van die vaas aan mekaar gewerk is.
 - 6 Sit die voor- en agterkant van die vaas op mekaar en werk dit aan mekaar aan die sykante, maar laat die bokant oop.
 - 7 Vul die glasvaas met water en glip die papiervaas bo-oor. Rangskik jou blomme binne-in.
- NOTA:** Ons het ons vaas met wilde wortelblomme (*Daucus carota*) gevul.



handwerk



PAPIERVAAS

Dié vaas is so lig soos 'n veer en perfek vir ligte plante of as omhulsel vir 'n glasvaas.

MOEILIKHEIDSGRAAD: maklik

TYD: 1 uur

JY BENODIG

- ♥ 'n A4-vel stywe sketspapier (130-170 g/m²)
- ♥ handwerkmes en snymat
- ♥ liniaal
- ♥ potlood

SO MAAK JY

- 1 Sny 'n reghoek van 10 x 24 cm uit die sketspapier.
 - 2 Gebruik jou handwerkmes en liniaal en meet 2 cm van die rand van die papier af in aan elk van die twee kort sye. Maak aan elk van die sye 'n keep presies in die middel van die papier.
 - 3 Trek met jou potlood 'n hele paar lensvormige lyne (halfkantig) aan die agterkant van die papier.
 - 4 Sit die papier op jou snymat en sny met jou handwerkmes al die lyne uit. Druk dit met jou vingerpunte versigtig na buite om blaarvorme te skep.
 - 5 Skuif die twee splete aan die kort sye in mekaar om 'n stewige buis te vorm. As jy wil, kan jy die rande met 'n skêr rond sny.
- NOTA:** Ons het gebleikte varingtakkies in ons rangskikking gebruik.

BLOMBEKORING

Gee jou verbeelding vrye teuels met dié blomgeïnspireerde ontwerp.

MOEILIKHEIDSGRAAD: maklik

TYD: 1-2 uur



JY BENODIG

- ♥ blompatroon op bladsy 85
- ♥ 'n vel sketspapier vir die blom
- ♥ 'n vel ligte waterverfpapier (15 x 21 cm) vir die lensvormige blare
- ♥ sterk waterverf- of handgemaakte papier (A3, 170 g/m²) as agtergrond
- ♥ handwerkmes en snymat
- ♥ potlood
- ♥ A3-laaghoutbord
- ♥ PVA-lym
- ♥ gedroogde plantdele

SO MAAK JY

- 1 Kopieer die blompatroon op bladsy 85 (grootte omtrent 10 x 12 cm) en knip dit versigtig uit.
- 2 Sit die patroon op 'n vel sketspapier en trek dit met die potlood na. Sny die hele buitelyn en die helfte van elke blomblaar met 'n skerp handwerkmes uit.

- 3 Draai die papier om en druk met jou vingerpunte die helfte van elke blomblaar vorentoe van die agterkant van die papier af om die dimensionele blom te skep.
 - 4 Teken 'n hele paar lensvorme in verskillende groottes en rigtings op die ligte waterverfpapier. Sny die helfte van elke vorm uit.
 - 5 Draai die papier om en druk elke gesnyde vorm met jou vingerpunte van die agterkant af uit.
 - 6 Sny vier klein splete in die sterk waterverfpapier waardeur die plantdele gesteek kan word.
 - 7 Lym beide die blom en ligte waterverfpapier op die sterk waterverfpapier vas.
 - 8 Steek die plantdele in die splete en lym die hele tablo op die laaghoutbord vas.
- NOTA:** Ons het gedroogde pietersielie-blomme in ons ontwerp gebruik.



KRANS MET BLAARNERWE

Dié delikate krans is treffend, of dit nou teen die muur hang of netjies gerangskik op 'n tafel uitgestal word.

MOEILIKHEIDSGRAAD: maklik

TYD: 2-3 uur vir 'n krans met 23 blare

JY BENODIG

- ♥ blaarpatroon op bladsy 85
- ♥ sketspapier (170 g/m²)
- ♥ embosseerstokkie (of gebruik 'n houtsosatiestokkie)
- ♥ kombuishanddoek
- ♥ wit gare
- ♥ groot naald
- ♥ skêr
- ♥ potlood

SO MAAK JY

- 1 Kopieer die blaarpatroon op bladsy 85 (hoogte omtrent 6 cm).
 - 2 Gebruik die patroon om 'n hele paar blare (soveel as wat jy wil) op jou papier na te trek en knip dit dan versigtig uit.
 - 3 Maak jou sosatiestokkie effe stomper deur dit vinnig op 'n harde oppervlak te skuur. (As die punt te skerp is, sal dit dwarsdeur die papier druk.)
 - 4 Sit jou blare onderstebo op die kombuishanddoek neer en gebruik die sosatiestokkie om liggies delikate nerfpatrone op elke blaar te trek, die eerste een van die bopunt van die blaar ondertoe, dan na links en regs.
 - 5 Druk met jou naald 'n klein gaatjie in die bopunt van elke blaar.
 - 6 Ryg die blare eweredig op die gare en maak 'n knoop tussen elke blaar om te keer dat die blare teen mekaar skuif.
- NOTA:** Ons het ons tafel versier met Santini-krisante in die kleur Ellison Salmon, gedroogde pietersielieblomme en gedroogde krismisrose.

WENKE

- ✿ Gebruik 'n skerp handwerkmeslem vir skoon snywerk – dit is veiliger om mee te werk en skep beter lyne. 'n Stomp lem sal onegalige rande veroorsaak.
- ✿ Kies gehaltepapier met 'n gladde oppervlak (toets eers op 'n stukkie afvalpapier). Ideale papier om mee te begin sluit in sketsblok- of waterverfpapier, of jy kan handgemaakte papier gebruik vir 'n meer organiese effek.
- ✿ Kry die regte embosseergereedskap – maar selfs net 'n verfkwassteel of die agterkant van 'n plastiekmes of houtlepel kan werk.
- ✿ Teken altyd aan die verkeerde kant van die papier om sigbare potloodmerke te voorkom.
- ✿ Moet nooit na jou ander hand toe sny wanneer jy 'n handwerkmes gebruik nie.
- ✿ Eksperimenteer met verskillende soorte papier – wisselende diktes en teksture kan unieke resultate oplewer.
- ✿ Hoe dikker die papier, hoe meer krag moet gebruik word om deur dit te sny.
- ✿ Hoe noukeuriger jy jou lyne sny, hoe meer indrukwekkend sal jou eindproduk lyk.
- ✿ Al ons patrone is ontwerp om jou te help om aan die gang te kom, maar jy sal selfs meer pret hê jy wanneer jou eie ontwerpe skep.
- ✿ Gebruik 'n snymat en goeie handwerkmes vir veiligheid en akkuraatheid.



KLEIN, MAAR KLAAR

Pak kleiner projekte aan en sif deur die oormaat van idees op sosiale media as jy wil keer dat te veel onvoltooide projekte jou pootjie en skuldig laat voel, skryf **Martie Swanepoel**.

stilering HANNES KOEGELNBERG foto's ED O'RILEY

Ek oorweeg dit om 'n houtkis te laat maak waarin ek jare se onvoltooide handwerkprojekte kan toespyker en begrawe. Ek wil my kreatiewe toekoms met 'n nuwe aanslag en 'n skoon gewete betree.

Op die graf sal ek 'n bordjie laat sit, Opus Inperfectum. 'n Ode aan Imperfeksie.

Langs daardie graffie moet ek myself opnuut belowe dat ek nooit, ooit weer 'n projek sal aanpak voor ek nie deeglik besin het nie. Die ontslape projekte het my geleer dat mens sommige projekte te lank uitrek en dan verloor jy belangstelling of raak jy te besig.

Soos die fairisle-truitjie wat ek begin brei het toe my seun 'n kleuter was. Dit kon so 'n mooi ou truitjie gewees het ... As die moue net voltooi was. My seun is vanjaar 33.

Ek kan dit óf red deur 'n *pullovertjie* vir my vriend Eugene se dik worshond te maak, óf dit moet nou finaal ter ruste gelê word.

'n Diep bepeinsing het my oorval ná my onlangse vakansie saam met my seun met die fairisle-lose kindere, en sy suster, die minimalis.

Hulle weier om eendag al hul ma se 'goetertjies waarvan sy toe nooit goetertjies gemaak het nie' met 'n lorrie na 'n liefdadigheidswinkel weg te ry.

Dit is altyd vir my so droewig as ek mooi fyn brei- en borduurwerk by sulke winkels sien, moet ek darem bysê. Kompleet met die steke nog op die naalde en die ou bolletjie wol netjies opgerol. Hartseer begraafplase van versaakte handwerk. Kreatiewe oomblikke gevries in tyd. Ek wonder altyd of dit dalk iemand se ma se laaste stekies was.

Ek sien daar is 'n Amerikaanse groep, looseends.org, wat afgestorwenes se projekte vir die bedroefde agtergeblewenes voltooi. Hulle noem hulleself die Finishers. Daar is sowat duisend van hulle wat in negentien lande hierdie liefdesdiens lewer.

jou lewe



'Kan enigiets hartseerder wees as 'n onvoltooide projek? Ja, 'n projek wat nooit begin is nie!'

Britse skrywer Christina Rossetti

Net vir die wis en onwis sal ek die skakel na hulle webtuiste in my testament aanteken. My kinders kry dit dalk nodig.

In 'n post mortem van my versaakte slagoffers sit ek onlangs met 'n espresso by The Rustic Yard. Ek het die boek *Before the Coffee Gets Cold* van Toshikazu Kawaguchi as inspirasie saamgeneem.

Dit is 'n kort en introspektiewe roman wat onder meer gaan oor wat 'n mens sal doen as jy kan teruggaan in tyd. Dit moet vinnig wees, want voor jou koffie koud is, moet jy terug wees in die hede.

Baie van ons het heelwat wat ons sou wou verander. Wat my tydens 'n tweede en derde koppie koffie laat nadink het, is wat ek voortaan als in die hede sal doen 'voor my koffie koud word'. Te veel kanse glip weg as mens nie doelgerig optree nie.

Kawaguchi het eens in 'n onderhoud gesê as jou koffie koud geword het voor 'n projek voltooi is, kan jy jou smaak daarvoor verloor. Hoe langer jy dit laat lê, hoe traer gaan jy dit weer opneem.

Die slim mense meen sy boek kan 'n metafoor wees vir die vervlietende aard van sosiale media. Daardie verbyflitsende idees kan jou kreatiewe brein oorlaai en jou oorweldig omdat jy weet jy sal nooit by almal kan uitkom nie.

Aangevuur deur 'n paar koppies koffie het ek besef ek moet voortaan projekte aanpak wat ek vinnig kan voltooi. Dis nou nie dat ek in die fase is waar ek nie groen avokadopere moet koop nie, maar vinniger projekte wat ek binne 'n realistiese tyd kan voltooi, maak vir my ál meer sin.

Tydens my diep nadenke het ek besef van my onvoltooide projekte was nie altyd 'n teken van mislukking nie. Mens se lewe het siklusse waarin jy meer tyd het. Voor my kinders het ek pottelbakkerswerk gedoen en 'n silwersmidkursus voltooi.

Ek kon op my tyd binne een middag 'n aandnemmertjie stik en ook oor maande aan 'n ingewikkelde kwilt werk. Maar as jy 'n loopbaan en twee kinders tegelyk in doeke en op bottels het, raak die tyd te kort vir 'n fairisle-truitjie.

Jy raak trouens so haastig dat jy 'n trooshasie se afgeskeurde oor agterstevoor aanwerk of 'n skoolbroek se losgetrekte soom met kouelym probeer plak.

Onvoltooidheid is nie wie jy as kreatiewe mens is nie. Dis net 'n simptoom van een van jou lewensiklusse, glo ek.

Die Britse skrywer Christina Rossetti troos: 'Kan enigiets hartseerder wees as 'n onvoltooide projek? Ja, 'n projek wat nooit begin is nie!'

Ek wonder of Schubert se *Onvoltooide simfonie* by hom gespoek het. (Hy het vier simfonieë nooit voltooi nie.) Tog noem Schubert-aanhangers dit perfekte imperfeksie.

Die Indiese mentalis Amit Kalantri waarsku wel dat onvoltooide werk jou geestesgesondheid kan beïnvloed. Jy voel ietwat soos 'n mislukking, soos baie van ons kan getuig. Onvoltooide werk hang mos immer soos 'n donker wolkie bo jou kop.

Hy noem dit die Zeigarnik-effek. Kortliks is dit hoe die gedagte aan onvoltooide take gedurig aan ons knaag, soos deur die Russiese sielkundige Bluma Zeigarnik onderkelters waargeneem.

Maar Zeigarnik se kollega, Maria Ovsiankina, se aanvullende studie is minder verdoemend. Daardie krappige gemoed kan jou óf motiveer om 'n versaakte projek te voltooi óf jou inspireer om 'n nuwe roete in te slaan, sê sy.

Soms raak kruissteekwerk eentonig en jy pak dit weg, dan op 'n dag sien jy daardie hoepel onder in die kas raak en kry weer lus vir die meditatiewe stekies. Maar as jou hande in angssweet uitslaan oor al die stekies wat jy nog moet maak, is jy dalk nie die kruissteeksoort nie. En dis oukei so. Moenie dat dit aan jou knaag nie, is die wyse vrou se raad.

Daar kan volgens haar talle oorsake agter onvoltooide take skuil. Jou energievlakke en buie kan dit veroorsaak, of jy het bloot jou ritme verloor.

Ek wens ek kan die woord 'Disipline' op my pols laat tatoeër. Dít is wat my en baie van my kreatiewe vriende pootjie. Meer geesdrif as selfbeheersing.

As daardie idees op sosiale media verbyflits, haas ons ons na 'n handwerkwinkel en laai die mandjie vol. En soms is dit die begin van die einde. Jy dink nog aan die een idee, dan is die ander een reeds daar.

Wanneer jy so koorsagtig met jou mandjie deur die winkel draf, vergeet jy van al die handwerkvoorraad wat jy reeds in jou huis het.

Onlangs sien ek toe mos die begeerlikste van begeerlikhede in 'n winkeltjie in Vishoek. 'n Schuler-houtkassie uit die sestigs, met laaitjies waarin vintage rolletjies borduurgare weggepak is. Emily Pink, Nelke, Altrosa, Bergrose, Primel, Rubinrot en Scharlachrot.

Wie sou nie ook geswig het nie? Ek het behoorlik gekwyl. Maar die minimalis het my daar uitgesleep en my herinner dat ek dit nie regtig nodig het nie.

Die grootste borduurstuk ter wêreld is glo in Mexiko gemaak. Dit het meer as 1 270 werkers, 110 meter materiaal, 75 000 meter garing en 3 000 naalde geverg om dit te voltooi.

My huidige versameling borduurgare het wel die moontlikheid om net so 'n allemintige lap te borduur, maar ek het dit nie aan die minimalis genoem nie.

Die Europese verslag *The New Consumer of Crafts for 2025* meen dis nie ons skuld dat 'n handwerkwinkel ons uitlok om mandjies vol goed te koop nie.

Dis al die droomblaaiery (my kinders sê ek 'doomscroll') op handwerkforums op sosiale media wat ons aanhits en hulle knoei saam met maatskappye wat ons swakhede alte goed ken.

Ek beken ek het beslis nie 'n beskeie persoonlike *harberdashery* nie. Twee lywige kaste vol verf, kwaste, wol, krale en goetertjies met oneindige moontlikhede.

En ek is nie die enigste een nie. My vriendin Louisa het 'n kamer vol en Ria se handwerkbenodigdhede vul 'n hele muur. Daar is baie van ons.

Die wêreldmark vir kuns- en kunsvlytmateriaal is in 2024 op sowat R414 miljard gewaardeer. Dit sal na verwagting tot 2032 jaarliks met nagenoeg ses persent groei.





Daar is altyd iets nuuts wat mens begeer. My diepste begeerte tans is 'n jelpaats vir monodrukwerk. Ek voel al vir maande ek kan doodeenvoudig nie daarsonder leef nie, want daarmee kan ek binne 'n paar uur 'n lieflike stuk drukwerk produseer. En ek het mos reeds al die verwe en rollers en goed? Miskien het ek darem 'n nuwe roller nodig? Of goeie papier?

Ek het onlangs my dagboek met meer dissipline begin organiseer. Daarin laat ek genoeg tyd vir kreatiewe dinge wat ek vinnig kan afhandel. 'n Oulike vingerpop vir my tweejarige kleinkind of net een kunsjoernaalblad op 'n keer.

Op 'n kreatiewe vlak is ek nou in die goeie geselskap van onder andere die allemintige 81 miljoen navolgers van die YouTube-kanaal 5-Minute Crafts.

Daarop kry jy idees soos hoe om 'n verjaardagkoek vinnig te versier, met polimeerklei te werk of 'n plekmatjie te weef.

Op etsy.com het ek ook heerlike inspirasie gekry oor 'block painting'. Jy verf tientalle klein skilderytjies op dieselfde grootte doeke en hang dit in formasies.

Ek het 'n hele paar voorbeelde van blokverf in Suid-Korea gesien. Seker die asemrowendste een was in die National Museum of Modern and Contemporary Art in Seoel. (Gaan kyk by 'Art in Seoul, Korea: Guide to exhibitions and culture in 72 hours' op luxuo.com.) Dit bestaan uit honderde kunswerke van verskillende groottes wat op 'n swart muur 'n eenheid vorm. Jy kan 'n hele dag voor die muur deurbring.

By die stad se Calligraphy Art Museum is daar weer 'n saal met 'n kunswerk wat uit 1 300 stukke van die lieflikste kalligrafie bestaan.

Krag in klein stukkie kuns.

My vriendin Lientjie Wessels is seker een van die produktiefste kunstenaars wat ek ken. Sy het sowat twee jaar gelede besluit om vir 'n jaar lank een kunswerk per dag te voltooi. 'n Hele 365, en dít terwyl sy ook 'n professionele sjef is wat baie onthale aanbied.

Lientjie erken dít het party dae maar rof gegaan, maar sy is nie iemand wat 'n projek langs die pad sal versak nie.

Sy hou daarvan om kleiner skilderye en multimedia-werke aan te pak. Dít gee haar 'n produktiewe roetine wat haar as kunstenaar dryf.

'Aanvaar ons tyd is beperk en daar sal altyd dinge wees wat ons nie kan klaarmaak nie, maar dit beteken nie dat ons voor die tyd moet opgee nie.'

Soos gesê op Reddit

Die Skotse kunstenaar Marion Boddy-Evans noem die kleiner, hanteerbare kunswerke waarmee sy haar deesdae besig hou, haar teenmiddel vir die kreatiewe blok wat sy die laaste paar jaar toenemend ontwikkel het weens sosialemedia-oormoed.

Die daaglikse tsoenami van idees was soms vir haar verlamrend. Sy het gesukkel om iets te kies waarop sy kan fokus omdat te veel nuwe moontlikhede opgeduik het voordat sy kon wegspring. As kreatiewe mens sukkel sy reeds met gedagtes wat van die een ding na die ander rondspring en sosiale media vererger dit.

Pinterest help haar al jare om haar idees te organiseer, maar die honderde idees op ander platforms het haar soms met die vrees gelaat dat sy 'n oulike idee sal vergeet. Sy het dit begin neerskryf en op haar rekenaar geberg, maar beken dit verg gedissiplineerde liassering of jou rekenaargeheue is later net so ongeorganiseerd en oorlaai soos jou kreatiewe kop.

Dit gaan oor die bestuur van idees, meen die Britse joernalis Tim Harford, 'n gereelde bydraer op TED Talks. Sy raad vir oorlading is 'slow-motion multitasking'. Hy glo dit is die geheim van talle suksesvolle mense. Hulle werk aan 'n paar take gelyk, maar sonder die haas om iets dadelik gedoen te kry. Die belangrikste: Wanneer hulle vashaak, blaai hulle nie doelloos op sosiale media rond nie, want dís waar idees verdwaal.

Dis nou nie dat die grootste filosowe op die gespreks-groep Reddit uithang nie, maar ek het onlangs 'n wysheid daar raakgelees.

Jy het eintlik net twee opsies: As jy sterf voordat jy jou (kuns)projek voltooi het, sal dit onvoltooid wees. As jy nie aan die projek werk nie omdat dit voel asof jy dit nooit sal kan voltooi nie, sal dit ook onvoltooid wees. Waarmee ons sukkel, is iets groter as die projek. Aanvaar ons tyd is beperk en daar sal altyd dinge wees wat ons nie kan klaarmaak nie, maar dit beteken nie dat ons voor die tyd moet opgee nie.

Ek sien op 'n droomblaai-sessie daar is 'n grafsteen vir ene Sylvia Beaver met die grafskrif: 'Let me just finish this last row.'

Nog net een rytjie, nog net een stekie.

Ek dink my kinders moet eendag op my graf skryf: 'Sy wou nog so baie gedoen het.'

VOLTOOI TAKE SO

Dr. Hannah Rose van Ness Labs was voorheen 'n mediese dokter in die Britse openbare gesondheidsorgstelsel, maar spits haar deesdae toe op die skryf van wetenskaplik begroonde artikels. Dís haar raad om take te voltooi:

- 1** Besluit of jy werklik nog in die projek belangstel. Moenie dit net doen omdat jy baie geld daaraan bestee het nie.
- 2** **Volg die tien-minuut-reël:** Begin net en gee vir tien minute jou volle aandag, dit sal jou dalk inspireer om dit te voltooi. As dit nie werk nie, oorweeg dit om dit liever heeltemal te los. Kreatiwiteit moet lekker wees.
- 3** Maak vrede daarmee dat jy dit nie kan of wil voltooi nie. Beweeg aan.
- 4** Beplan jou volgende projek beter. Maak seker jy gaan tyd hê om dit te voltooi.
- 5** Loop lig vir droomblaai op sosiale media. Sif die idees deeglik deur en kyk of dit in jou begroting pas.
- 6** Beheer jou impulsiewe aankope.
- 7** Waak teen uitstel. As jy 'n punt bereik waar jy opsien om aan 'n projek te werk, raak dit 'n straf.

KLEINER PROJEKTE

- ✿ Ek het op Facebook aangesluit by die groep 'A 100 Days to Create', waar kunstenaars daaglik hul inspirasie deel.
- ✿ Op Michèle Sauvée se Facebook-blad 'Collages' inspireer 'n groep blokkies wat met die Japannese boro-tegniek gemaak is en treffend saam gebruik is. Jy kan net een blokkie per dag voltooi.
- ✿ Gabb Smith se blomboekmerke is ook iets wat mens binne 'n uur kan voltooi. Soek 'Gabb Smith crochet lavender bookmark pattern' op die internet om die patroon te kry.
- ✿ Vind nog oulike idees by '55 Easy DIY Crafts for Adults to Make at Home' op goodhousekeeping.com.

BLITSIGE IDEES

- ✿ Kies tussen die een-uur-projekte by 'Creative 1 Hour Craft Ideas for Adults' op jamesandcatrin.com.
- ✿ **Nog vyftien blitsige idees:** '15 of the Best 1 Hour Fall Crafts' op ourhomemadecrafts.com.





AS EK SNEEUWITJIE WAS,
SOU JY MY NIE MET 'N
APPEL KON VERGIFTIG NIE.
DIT SOU 'N ÉCLAIR
MOES WEES ...

kos & onthaal

TURKSE GEURFEES

HIERDIE GESONDE TURKS-
GEÏNSPIREERDE SPYSKAART
IS BOORDENS TOE VOL VARS
BESTANDDELE EN HELDER
KLEURE — DIE PERFЕКTE KEUSE
AS JY HIERDIE VAKANSIE
WIL ONTHAAL.

resepte en kosbereiding LOUISA HOLST
stilering HANNES KOEGELENBERG
foto's ED O'RILEY



GEROOSTERDE PLATBRODE

Tuisgebakte platbrode is maklik om te maak en ideaal om al die lekker souse en doopsouse mee op te eet wat deel vorm van 'n Mediterreense-styl maaltyd.

Maak: 8-10

Bereidingstyd: 1 uur, plus rystyd

Garmaaktyd: 30 minute

- ♥ 300 ml loutwarm water
- ♥ 1 pakkie (10 g) kitsgis
- ♥ 15 ml suiker
- ♥ 190 ml Grieksestyl jogurt, by kamertemperatuur
- ♥ 30 ml olyfolie
- ♥ 510 g (940 ml) witbroodmeel, plus ekstra vir oorsif
- ♥ 10 ml sout
- ♥ ekstra olyfolie en fyngekapte pietersielie of sesamsaad, om mee af te rond

1 Meng die water, kitsgis en suiker in 'n groot beker. Laat dit vir 10 minute staan tot dit liggies begin borrel voor jy die jogurt en olyfolie byroer.

2 Gooi die meel in 'n groot mengbak. Voeg die sout by. Maak 'n holte in die middel en voeg dan die vloeibare bestanddele geleidelik by. Meng dit tot 'n sagte, bewerkbare deeg vorm. Voeg 'n bietjie ekstra meel by indien die deeg te klewerig is.

3 Knie die deeg vir 10 minute met die hand of in 'n voedselverwerker met 'n deeghaak. Verdeel dit in 8-10 ewe groot stukke. Rol elke stuk deeg in 'n bol.

Bedek dit met kombuispapier en sit dit vir 15-20 minute eenkant om te rus.

4 Rol elke deegbol uit in 'n dun ronde of ovaalvormige vorm. Verf dit liggies met ekstra olyfolie.

5 Verhit 'n swaarboompan oor matige tot hoë hitte. Wag tot die pan warm is en plaas dan een van die deegskywe met die olielant na onder in die pan. Verf die bokant ook met olie en draai dit om wanneer borrels op die oppervlak vorm. Los dit vir nog 1-2 minute in die pan tot die brood deurgaar is. As jy gasplate het, kan jy 'n metaalrakkie oor die plaat sit en die platbrode oor die vlam garmaak. Dit sal die brode 'n rokerige geur gee en donkerder skroeimerke veroorsaak.

6 Sprinkel fyngekapte pietersielie of sesamsaad oor die brode en bedek dit met kombuispapier tot jy gereed is om dit voor te sit.

DOOPSOUS VAN GEROOSTERDE WORTEL EN BOTTERBONE

Hierdie is 'n heerlik gesonde bykos vir jou somertafel. Sit dit voor as 'n happie met brood of gesnyde groente of as deel van jou hoofmaaltyd.

Genoeg vir: 6-8

Bereidingstyd: 20 minute

Garmaaktyd: 30 minute

Oondtemperatuur: 200 °C

- ♥ 6 middelslag-wortels, geskil en in dik ringe gesny

- ♥ 75 ml olyfolie

- ♥ 5 ml fyn komyn

- ♥ 2 knoffelhuisies, geskil

- ♥ 30 ml tahini (sesamsmeer)

- ♥ 45 ml suurlemoensap

- ♥ 1 blik (400 g) botterbone

- ♥ 30 ml van die vloeistof uit die blikkie bone

- ♥ ekstra olyfolie, gemengde geroosterde sade en granaatpitte, om voor te sit

1 Plaas die wortelringe in 'n bak en voeg die helfte van die olyfolie by. Meng dit goed deur. Voeg die komyn by en geur dit na smaak met sout en varsgemaalde swartpeper. Meng dit weer goed deur en spreid dit uit op 'n gesmeerde bakplaat. Rooster die wortel vir sowat 30 minute in die verhitte oond tot dit sag is (of sit dit vir 20 minute in 'n lugbraaier). Roer die wortels ná omtrent 15 minute deur en voeg die knoffel by. Haal dit uit die oond wanneer die wortel sag is en laat dit eenkant afkoel.

2 Plaas die tahini, die orige olyfolie, die suurlemoensap en 30 ml van die vloeistof uit die blikkie in 'n voedselverwerker en pols dit vir 'n paar sekondes tot dit verdik. Voeg 30 ml water, die geroosterde wortel en die botterbone by.

3 Pols die mengsel verder in die voedselverwerker tot jy met 'n gladde smeer eindig. Voeg nog water by indien die mengsel te dik is. Geur dit na smaak met nog sout en peper. Sit die doopsous voor met ekstra olyfolie oorgedrup en gemengde geroosterde sade en granaatpitte oorgesprinkel.





SOET EN PIKANTE OONDGEROOSTERDE PLATHOENDER

Hierdie alles-in-een-gereg is propvol geur en 'n wenner om moeiteloos te onthaal. Al die bestanddele word in een bak gaargemaak.

Genoeg vir: 4-6

Bereidingstyd: 30 minute

Gaarmaaktyd: 1 uur

Oondtemperatuur: 180 °C

- ♥ 1 heel hoender
- ♥ 50 ml olyfolie, plus ekstra om te smeer
- ♥ 4 knoffelhuisies, fyngedruk
- ♥ 30 ml za'atar (Midde-Oosterse kruiemengsel)
- ♥ 5 ml fyn komyn
- ♥ 2 ml fyn kaneel
- ♥ 5 ml cayennepeper
- ♥ 80 ml granaatmelasse (sien wenk)
- ♥ 250 g (310 ml) gougaar-bulgurkoring
- ♥ ½ kop blomkool, in blommetjies gebreek
- ♥ 6 murgpampoentjies, in blokkies gesny
- ♥ 1 rooiui, gesny
- ♥ 30 g platblaarpietersielie, gekap
- ♥ granaatpitte, om voor te sit

1 Gebruik 'n kombuisskêr om die hoender weerskante van die ruggraat te sny sodat jy die ruggraat kan verwyder. Draai dan die hoender om en druk af op die borsbeen om dit plat te maak.

2 Meng die olyfolie met die knoffel en die kruie en speserye. Voeg sout en varsge maalde swartpeper na smaak by. Voeg die helfte van die granaatmelasse by. Smeer die mengsel oraloor die hoender. Sit die hoender in 'n bak, bedek dit en laat dit vir 'n uur of langer marineer. (Jy kan die hoender reeds die vorige dag insmeer en in die yskas hou. Haal dit sowat 'n uur voor jy dit wil gaarmaak uit die yskas.)

3 Gooi die bulgurkoring in 'n kastrol en gooi 620 ml kookwater bo-oor. Roer dit deur, sit die deksel op en laat dit vir 20 minute staan om te week.

4 Smeer 'n oondroosterpan met olyfolie. Gooi die bulgurkoring in, gevolg deur die groente en ui, en meng dit liggies deur. Plaas die hoender bo-op die bestanddele in die roosterpan en drup 'n bietjie ekstra olyfolie bo-oor. Bedek die roosterpan met aluminiumfoelie en rooster dit vir 30 minute in die verhitte oond.

5 Haal die foelie af en bedruip die hoender met die orige granaatmelasse. Laat dit dan vir sowat 30 minute verder oop rooster tot die hoender deurgaar is. Sit dit voor met gekapte pietersielie en granaatpitte bo-oor gestrooi.

WENK

Indien jy sukkel om granaatmelasse by jou supermark te kry, kan jy iets met 'n soortgelyke geur maak. Verhit 100 ml donkerbruin muscovado-suiker en 50 ml water saam in 'n klein kastrolletjie. Wag tot die suiker opgelos het, verwyder dit van die hitte en roer 50 ml suurlemoensap by. Gebruik dit soos jy dit nodig kry.

VOLSTRUISKEBABS MET RISSIE-EN- UIEPIEKEL

Volstruis is 'n gesonder alternatief vir rooivleis. Die filet is doeksag en ideaal om hierdie kebabs te maak. Probeer om die kebabs oor warm kole te braai of op 'n rak oor 'n gasvlam vir daardie heerlike vlamgeskroeide geur.

Genoeg vir: 4-6

Bereidingstyd: 30 minute, plus piekeltyd

Gaarmaaktyd: omtrent 10 minute

PIEKEL

- ♥ 150 ml appelasyn
- ♥ 5 ml suiker
- ♥ 2 ml sout
- ♥ 4 matige groen brandrissies, pitte verwyder en gesny
- ♥ 2 rooiuie, middeldeer en dan in dun skywe gesny

VOLSTRUISKEBABS

- ♥ 800 g volstruisfilet, in hapgrootte stukkes gesny
- ♥ 60 ml olyfolie, plus ekstra vir smeer
- ♥ 25 ml suurlimoensap
- ♥ 5 ml droë origanum
- ♥ 1 ml fyn kaneel
- ♥ 5 ml fyn paprika
- ♥ gestoomde vars aspersies, om voor te sit

1 PIEKEL Verhit die asyn, suiker en sout saam in 'n klein kastrolletjie tot die suiker opgelos het. Haal dit van die plaat af en laat dit afkoel. Voeg die brandrissie en ui by en laat dit vir minstens 'n uur eenkant marineer. (Jy kan die piekel al die dag voor die tyd maak as jy wil.)

2 VOLSTRUISKEBABS Plaas die blokkies volstruisfilet in 'n bak. Voeg die olyfolie, suurlimoensap, kruie en speserye by en geur dit met sout. Roer dit goed deur om die vleis oraloor te bedek en ryg dit dan op houtsoosatiestokkies wat vooraf in water geweek is.

3 Maak die kebabs gaar net voordat jy dit wil voorsit. Verhit 'n swaarboompan oor matige tot hoë hitte. Wag tot die pan vuurwarm is voor jy die eerste kebabs met 'n bietjie ekstra olyfolie smeer en in die pan sit. Laat dit vir 1 minuut aan die een kant rooster voor jy dit omdraai en die ander kant ook vir 1 minuut rooster. Haal dit uit die pan en hou dit eenkant. Herhaal die proses met die orige kebabs. Jy kan die kebabs ook oor kole rooster, of op 'n rak oor 'n gasvlam.

4 Sit die kebabs voor met die piekel en gestoomde vars aspersies.





GEVULDE TAMATIES

Dié prettige en kleurvolle gevulde tamaties sal enige Mediterreense maaltyd tot nuwe hoogtes voer. Jy kan dieselfde vulsel gebruik om gevulde soetrissies te maak.

Genoeg vir: 6-8

Bereidingstyd: 30 minute

Gaarmaaktyd: 30 minute

Oondtemperatuur: 200 °C

- ♥ 8 middelslag- tot groot tamaties (verkieslik met die steeltjie nog aan)
- ♥ 60 ml olyfolie, plus ekstra vir oordrup
- ♥ 1 ui, fyngekap
- ♥ 2 selderystele, fyngekap
- ♥ 5 ml droë origanum
- ♥ 5 ml gerookte paprika
- ♥ 500 ml gaar basmatirys
- ♥ 6 dadels, ontpit en gekap
- ♥ 30 ml dennepitte, gekap (of gebruik amandels)
- ♥ 30 ml fyngekapte platblaarpietersielie
- ♥ 15 ml suurlemoensap

1 Sny die bokante van die tamaties af, maar hou dit om later as deksels te gebruik. Gebruik 'n klein, skerp messie om al om die binnekant van elkeen te sny om die vleis los te maak – wees versigtig om nie regdeur die tamaties te sny nie. Gebruik 'n teelepel om die vleis uit te skep. Plaas die vleis in 'n voedselverwerker en verpulp dit tot 'n gladde mengsel.

2 Verhit die olyfolie in 'n kastrol. Voeg die ui en seldery by en soteer dit oor matige hitte tot dit sag is. Voeg die origanum en paprika by en roer dit vir 1 minuut. Voeg die verpulpte tamatievleis by, verhit dit tot dit liggies prut en geur dit na smaak met sout en varsgemaalde swartpeper.

3 Haal die kastrol van die hitte af en roer die rys, dadels, dennepitte, pietersielie en suurlemoensap by.

4 Pak die tamaties in 'n gesmeerde oondroosterpan. Verdeel die vulsel tussen die tamaties en sit die bokante terug. Drup 'n bietjie olyfolie oor en bak dit vir 25-30 minute in die verhitte oond tot die tamaties net-net gaar is.



VIR DIE SLAAITAFEL

GEROOSTERDE EIERVUG MET TURKSE SALSA

Prik die skil van 4 eiervrugte met 'n vurk. Vryf die eiervrugte met olyfolie en rooster dit vir 40 minute by 200 °C tot dit sag is. Haal dit uit die oond en laat dit afkoel. Kap die eiervrug grofweg en rond dit af met die Turkse salsa (resep hieronder).

Geniet dit saam met brood, of sit dit voor as 'n slaai.

TURKSE SALSA

Meng die volgende bestanddele saam in 'n bak: 1 klein fyngekapte ui, 4 fyngekapte ryp tamaties, 1-2 fyngekapte brandrissies, 30 ml fyngekapte vars pietersielie, 30 ml fyngekapte vars koljanderblare, 15 ml suurlemoensap, 15 ml granaatmelasse, 15 ml tamatiepasta, 1 fyngedrukte knoffelhuisie, 30 ml olyfolie en 5 ml sumak. Geur dit na smaak met sout en nog sumak, as jy wil.



AARTAPPELSLAAI MET VINKEL EN DILLE

Kook 1 kg baba-aartappels tot dit sag is. Laat dit dreineer en sny elkeen middeldeer. Klits 1 fyngekapte knoffelhuisie, 20 ml dijonmosterd, 15 ml appelsyn en 60 ml canola-olie saam om 'n slaaisous te vorm. Voeg 30 ml fyngekapte vars dille en 4 fyngesnyde sprietuie by. Giet die sous oor die warm aartappels en meng dit goed deur. Gebruik 'n mandolien of skerp mes om een vars vinkelbol in papierdun skyfies te sny. Roer dit by die slaai en geur dit vir oulaas na smaak met sout en varsgemaalde swartpeper.

ROOI SLAAI MET 'N LEMOEN-EN-HEUNINGSLAAISOUS

Meng 'n verskeidenheid rooi slaaibestanddele saam, byvoorbeeld fyngesnipperde rooikool, radyse, rooi soetrissies, beet en radiccioblare. Rangskik dit op 'n groot slaai-bord. Voeg skyfies lemoen of bloedlemoen by. Sprinkel sumak en 'n hand vol gekapte okkerneute oor die slaai. Maak die slaaisous deur 15 ml heuning, 30 ml appelsyn, 30 ml varsuitgedrukte lemoensap en 30 ml olyfolie saam te klits. Drup dit oor die slaai.





kos & onthaal





KITS-IDEES

Wanneer jy met dié soort spyskaart onthaal, kan jy alles gelyktydig op die tafel uitpak sodat die gaste self kan skep wat hulle wil hê. Sit 'n verskeidenheid slaai en doopsous voor en kies dan een of twee proteïengeregte om dit aan te vul. Sluit verskillende kleure en tecture in, en sit baie brood daarmee saam voor.

ROMERIGE FETA-EN-MENTDOOPSOUS

Plaas die volgende bestanddele in 'n voedselverwerker: 100 g sagte fetakaas, 100 g roomkaas, 45 ml Griekse jogurt, 15 ml suurlemoensap en 'n klein handjie vol grofgekapte vars mentblare. Pols dit net vir 'n paar sekondes tot dit glad is – moenie dit te lank pols nie, anders sal die doopsous te loperig word. Sit dit voor met 'n bietjie olyfolie oorgedrup en gegarneer met mentblare.

MINI-PITAS MET 'N KAAS-EN-SPINASIEVULSEL

Kook 'n pakkie (200 g) spinasie tot dit sag is. Laat dit dreineer en afkoel. Druk die vloeistof uit die spinasie en kap dit fyn. Plaas die spinasie in 'n bak en meng dit met 100 g gekrummelde fetakaas en 100 g gerasperde mozzarellakaas.

Voeg 1 fyngekapte knoffelhuisie, 30 ml fyngekapte pietersielie en 30 ml olyfolie by en meng dit goed deur. Sny 8-10 mini-pitabrode oop (moenie dit regdeur sny nie). Vul elke pita met die spinasiemengsel. Verf olyfolie op die bokant van die brode en pak dit op 'n bakplaat. Bak dit vir 10 minute by 180 °C of tot die kaasvulsel gesmelt het.

GEROOSTERDE DRUIWE

Drup olyfolie oor 2-3 trosse pitlose rooi duiwe en geur dit met 'n bietjie sout. Plaas dit op 'n gesmeerde bakplaat en rooster dit vir omtrent 10 minute by 180 °C of tot die duiwe net begin sag word.

(Jy kan die duiwe ook vir sowat 5 minute in die lugbraaier rooster.)

'N TAFEL WAAR JY TUIS VOEL

'n Tafel waar herinneringe gemaak word,
kan regtig voel soos 'n plek waar jy behóórt.

deur GAIL BUSSI stilerling HANNES KOEGELENBERG foto's ED O'RILEY

Wat is 'n tafel waar jy 'tuis voel'? Eenvoudig gestel is dit 'n plek waar jy kan aansit, ontspan en net jouself wees; waar jy goeie kos, gesprekke en herinneringe met ander kan deel en nie net jou liggaam voed nie, maar ook jou hart en gees – dis iets wat ons almal nodig het, nou dalk meer as ooit tevore. 'Kom sit asseblief aan by ons tafel,' het my ma altyd gesê wanneer ons gaste gehad het. En dan was dit om te smul en te onthou dat die lewe 'endlessly delicious' kan wees, soos die Amerikaanse kosskrywer Ruth Reichl dit gestel het.

In die huis in die ooste van Pretoria waar ek grootgeword het, was daar twee tafels waarby ons geëet het. Die eerste tafel het in die 'regte' eetkamer gestaan: 'n swaar, donker tafel wat weerskante verleng kon word sodat 12 of 14 mense daar kon aansit. Ek het nie baie van daardie tafel gehou nie; dit was effens intimiderend en meestal bedek met 'n swaar, geborduurde linnetafeldoek wat aan my ouma behoort het. Die tafel is hoofsaaklik oor Kersfees gebruik, of vir aandetes as my ouers gaste onthaal het. Ek moet erken dit het altyd pragtig gelyk wanneer my ma dit gedek het.



jou lewe



Sy het haar kant-tafeldoek, blou-en-wit borde en silwer eetgerei uitgehaal, 'n groot beker vol perskepienk rose in die middel gesit en klein kersies in glasies aangesteek.

In die eetkamer was daar ook 'n groot ou buffetkas, die soort met laaie wat met groen vilt uitgevoer was en waar my ma eetgerei en plekmatjies gebêre het. Agter die twee kasdeure weerskante het glase en borde geskuil. Die onderkant van die een kas is waar 'n paar bottels van my pa se gunsteling-likeurs, Tia Maria en Drambuie, gebêre is. Dit herinner my dadelik aan 'n storie ... eendag toe my ouers tot laat uit was, het ek en 'n paar vriende (ons was tieners, wat kan ek sê) besluit om die likeurs te proe, net om later te besef dat die bottels aansienlik leër was. Ons het gedink ons is vreeslik slim en het die bottels met water aangevul en geglo die ouer garde sou niks agterkom nie. Maar toe hulle die volgende keer vir vriende likeur skink, het almal natuurlik agtergekom hoe flou en waterig die drankies is. Laat ek maar volstaan deur te sê dié sage het nie mooi geëindig nie ...

En dan was daar die kombuistafel: 'n regte 1970's-styl tafel met staalpote, 'n blou Formica-blad en twee lang houtbankies weerskante met my ma se geruite blou kussings bo-op. Dit was beslis nie deftig nie, maar tog die soort tafel waar 'n mens gaan sit het en nooit weer wou opstaan nie. Om dié tafel het ek soveel van my tyd deurgebring – om te eet, ja, maar ook om te lees, skilder, huiswerk te doen, musiek te luister en speletjies soos Monopoly

'Ons huis was boordens toe vol eenvoudige geluk, grootliks te danke aan my ma, wat 'n tafel geskep het waar almal altyd welkom gevoel het – familie, vriende en vreemdelinge wat sy maar pas ontmoet het.'

en Boggle te speel. Daar was geen internet of selfone in daardie donker dae toe dinosourusse nog die aarde bewandel het nie. En natuurlik het die honde altyd onder die tafel uitgesprei gelê en so nou en dan swaar gesug om ons te herinner aan hulle teenwoordigheid – en dat hulle wou vergaan van die honger!

Ons huis was boordens toe vol eenvoudige geluk, grootliks te danke aan my ma, wat 'n tafel geskep het waar almal altyd welkom gevoel het – familie, vriende en vreemdelinge wat sy maar pas ontmoet het. Die tafel van my kinderjare is een van my belangrikste herinneringe waaroor ek altyd dankbaar sal wees. Ek het hierdie herinneringe oor die jare saam met my gedra na vele ander tafels – party hier in Suid-Afrika, en ander baie verder weg.

Ek dink nog dikwels aan my ma en hoe sy so 'n inspirerende kok geword het, want dis beslis nie iets wat sy van haar ma geërf het nie! (My ouma is voor my tweede verjaardag oorlede, maar het kosmaak blykbaar verpes en dit as 'n plig gesien en glad nie as 'n plesier nie.) Toe my ma op die jeugdige ouderdom van 20 met my pa getrou het, het sy byna niks van kook geweet nie, behalwe hoe om eiers te bak, spek te braai en kaasroosterbroodjies te maak. Kort ná hulle wittebrood het my pa gesê hy wil graag lamstjops vir aandete hê. Omdat my ma dit nog nooit vantevore gemaak nie, het sy die tjops eers gekook en toe gebraai met voorspelbaar afgryslike resultate!

Maar dinge het ten goede verander, en teen die tyd dat ek so agt of nege was, het my ma al 'n hele versameling

kookboeke gehad en met groot entoesiasme nuwe kulinêre horisonne verken. Ek onthou sy het ingeteken op *Foods of the World*, 'n reeks wat deur Time-Life uitgegee is. Elke paar maande is daar 'n groot volkleurboek afgelewer wat aan 'n bepaalde land en sy kookkuns gewy is. Ek het dit self ook graag gelees – my gunsteling was *The Cooking of Provincial France* en *The Cooking of India*, 'n kookkuns wat ek glad nie geken het nie aangesien my ouers nie baie van branderige kos met speserye gehou het nie.

Behalwe vir die boeke is ek dankbaar vir die geleenthede wat ek gehad het om aan die kombuistafel by my ma te leer. Daardie lesse het baie verder gestrek as net die basiese beginsels van kosmaak en soveel ander waardevolle dinge ingesluit, soos geduld, kreatiwiteit en om tyd in te ruim om dinge reg te doen. En om netjies te werk, natuurlik ... dit is iets waarop my ma verál aangedring het. Ek het dit eenvoudig nie durf waag om die kombuis te laat lyk soos 'Hiroshima ná die bom', soos sy altyd gesê het nie.

My pa was Italiaans, maar het in Suid-Afrika grootgeword in die jare vóór die Tweede Wêreldoorlog. Sy kos-nalatenskap was dus uiteenlopend en eklekties. Knoffel, olywe en basiliekruid het onder sy gunsteling-bestanddele getel, en hy kon eenvoudig nie leef sonder gereelde koppies espresso, 'n paar glase rooiwijn saans en hope pasta nie. En natuurlik soutige ansjovis in daardie klein blikkies waarvoor hy 'n absolute passie gehad het – een wat ek geërf het, tot my ma se groot ergernis.

'Soveel van die kokke wat ek oor die
jare ontmoet het, het soortgelyke
ervarings gedeel – van leer en liefde
aan hulle eie kombuistafels, of dit nou
by mammas, oupas of tannies was.'

My pa kon soms nogal intimiderend wees, maar ek is dankbaar vir al die lesse wat hy my geleer het, meestal deur 'n voorbeeld te stel. Staan op jou eie voete. Moenie verwag ander mense moet die gemors opruim wat jy gemaak het nie. Moenie iemand kritiseer voordat jy sy lewe geleef het nie. As iets jou ontstel, bou 'n brug en kom daaroor. En bowenal: Geniet jou kos en die mense met wie jy dit deel, want jy weet nooit wanneer dit die laaste keer is dat julle almal saam om dieselfde tafel sit nie.

Dankie, Pa, dat jy my geleer het om op elke vlak my horisonne te verbreed. Dankie dat jy vir my my eerste kookboek gekoop het, en my geneem het na verskillende restaurante – eers in Pretoria en baie later verder weg, in Parys, Rome en Venesië – al was ek eintlik 'n bietjie te jonk om dit regtig te waardeer! Ek onthou dalk nie die name of wat ons geëet het nie, maar ek onthou beslis hoe ongelooflik bevoorreg en geliefd ek gevoel het.

Eintlik was my pa veel beter met eet as met kook. Hy het gedink die kombuis is die uitsluitlike domein van die vroue van die huis; die enigste uitsondering was wanneer ons gebraai het. Dan het sy grotman-instinkte oorgeneem en hy het baas van die vuur geword – iets wat almal heimlik gehoop het hy nié sou doen nie omdat hy geglo het die enigste goeie vleis op 'n braai moet deurgaar wees. 'Hy vermoor die vleis nadat dit al klaar dood is,' het my ma eenmaal gesê.

Dit maak nie regtig saak of jy gekookte eiers met toast-soldaatjies geëet het, stampmielies en boontjies, hoender-brijani of Tannie Marie se speserypoeding nie – die gevoel van troos en warmte, van deel wees van die stroompie van die lewe, bly steeds dieselfde.

Toe James, my lewensmaat, 'n paar jaar gelede skielik in 'n tragiese ongeluk gesterf het, het my ouers (wat teen daardie tyd al redelik bejaard was) die lang pad na die Oos-Kaap aangedurf om by my te wees en my deur die moeilike dae ná die skielike verlies te ondersteun. Basies het niemand van ons lus gehad om te kook nie, so KFC is amper elke dag voorgesit in die kombuis van my klein kothuisie. Maar toe, een oggend so 'n week later, word ek wakker en besluit dit is tyd om weer 'n behoorlike maaltyd te kook – een van James se gunsteling: botterhoender met rys. Ek het dalk 'n bietjie gehuil terwyl ek dit berei het, maar daardie aand toe ons buite op die klein dek gaan sit en eet, het ek weer 'n sterk gevoel van verbondenheid en hoop ervaar. Die lewe het aangehou, nie net hier nie, maar êrens anders ook. (En ek het eintlik gedink ek hoor hom fluister: 'Miskien kort dit 'n bietjie ekstra koljander en knoffel om perfek te wees, maar dankie dat jy dit gemaak het, my liefste.')

Nou is my ma en pa ook weg, maar die tafel van behoort leef voort. Ek hoop dit sal altyd so wees, want dit is in die deel van warmte, kos, gesprekke en herinneringe dat ons liggaam gevoed word – én ons hart en gees. Dit gaan daaroor om alles wat goed is te vier – nie net om oor die verlies te treur nie.

Ek hoop ons kan almal ons eie herinneringe aan ons 'tuistafels van behoort' vind en vier. Dit is belangrik, want ons moet ons 'stam' vind – of dit nou familie, vriende of vreemdelinge is wat ons nog eers regtig moet leer ken. Kos is, en was nog altyd, ons gemeenskaplike grond: 'n manier om die punte te verbind en 'n heerlike goue draad te weef van gister, deur vandag, tot in die onbekende van môre.



Maak: 25-30 **Bereidingstyd:** 2 dae (staantyd ingesluit) **Baktyd:** 8-10 minute **Oondtemperatuur:** 160 °C

- ♥ 200 g botter of bakmargarinen, saggemaak ♥ 200 g strooisuiker ♥ 15 ml vanieljegeursel ♥ 1 groot eier
- ♥ 420 g koekmeel (roer dit deur, moenie dit sif nie) ♥ 5 ml bakpoeier **HARDE VERSIERSEL** ♥ 2 groot eierwitte
- ♥ 1 ml kremetart ♥ 500-600 g versiersuiker, gesif ♥ jelkoskleursel in koningsblou, swart en pers

Klits die botter of bakmargarinen en strooisuiker saam. Voeg die vanieljegeursel en eier by en klits dit goed. Voeg die meel en bakpoeier by en meng dit liggies om 'n ferm deeg te vorm. Bedek die deeg met kleefplastiek en sit dit vir minstens 2 uur in die yskas. Rol die koue deeg sowat 4-5 mm dik uit op 'n oppervlak wat liggies met meel bestrooi is. Gebruik 'n 6-7 cm- vierkantige koekiedrukker om die deeg in vierkante uit te druk. Jy kan die los stukkie deeg een keer saamdruk en weer uitrol om nog koekies uit te druk. Bak dit vir 8-10 minute in die verhitte oond of tot dit net begin goudbruin word om die rande. Laat die koekies op die bakplaat afkoel.

HARDE VERSIERSEL

Klits die eierwitte en kremetart liggies saam. Voeg die gesifte versiersuiker by en klits dit net tot dit ingemeng is. Die versiersel moet dik en styf wees. Verdun omtrent twee derdes van die versiersel met 'n paar druppels water wat jy letterlik druppel vir druppel byvoeg. Die versiersel moet binne 10 sekondes na normaal terugkeer as jy 'n lepel vol uit die mengsel lig. Kleur die orige versiersel ligblou met die koningsblou jelkoskleursel. Kleur omtrent twee derdes van die ligblou versiersel donkerblou deur koningsblou, swart en 'n tandestokkiepuntjie pers jelkoskleursel by te meng. Bedek die versiersel met 'n klam doek en laat dit vir 'n paar uur eenkant staan sodat enige borrels na die oppervlak kan beweeg.

MOOI IDEES



1 Skep die wit versiersel in 'n spuitsak met 'n nr. 1- of 2-ronde spuitstuk. Spuit 'n raam op die koekie en vul die binnekant van die raam met versiersel. Lei die versiersel met 'n tandestokkie tot by die rande. Kap die koekie 'n paar keer liggies op die werkoppervlak om van borrels ontslae te raak en die versiersel mooi glad te kry. Laat dit vir 24 uur (of minstens oornag) staan om hard te word.



2 Teken die teëlonterpe van jou keuse op papier. Gebruik 'n eetbare merkpens om ligte merkies op die oppervlak van die koekies te maak as gidslyne vir die patrone wat jy wil spuit. Gebruik 'n klein koekiedrukker om blokies af te merk of skep papierpatrone wat jy kan natrek. Hou die merke eweredig gespaseer en in lyn om jou patroon simmetries te hou.



3 Skep die verskillende kleure versiersel in aparte spuitsakke. Spuit eers die donkerblou dele. Gebruik 'n tandestokkie of versierpen (*scribe tool*) om die patroon netjies te maak. Om te keer dat borrels vorm, trek 'n tandestokkie of versierpen deur die versiersel – al is dit net 'n klein kolletjie. Spuit klein stukkie op 'n slag om dit makliker te maak.



4 Spuit die ligblou detail wanneer die donkerblou versiersel vir 1-2 uur droog geword het. Volg dieselfde stappe om borrels te keer en die versiersel te vorm. Laat dit oornag staan om droog te word.

PRENTJIE-TEËLS

Ruim tyd in om dié koekies wat soos Portugese azulejo-teëls lyk, te maak. Voel die kalmte met elke patroon wat jy spuit, en dan die opwinding wanneer jy jou skeppings teetafel toe neem.

deur TANI KIRSTEN foto's ED O'RILEY



GOOI JOU KREATIEWE FLIKKERS

Jy wéét jy voel stukke beter nadat jy 'n rukkie aan iets kreatiefs gewerk het, maar weet jy hoekom? **Bridget McNulty** verken die wetenskap agter *glimmers* – daai vonkies vreugde in die lewe – en deel 'n paar kreatiewe voorbeelde. Met die toestemming om heelwat meer tyd aan ons stokperdjies af te staan.

stilering HANNES KOEGELENBERG foto's ED O'RILEY

Dit is 'n bekende gevoel: Die lewe wat so stresvol en oorweldigend is. Jou doenlys lyk of dit by die minuut langer word, maar in plaas daarvan om nóg 'n taak af te handel, glip jy eerder weg en bestee 'n halfuur aan iets kreatiefs, iets waarvan jy regtig hou. Skielik voel jy baie beter, maar jy is nie seker hoekom nie. Dit is omdat jy *glimmers* geskep het.

WAT IS DIT?

Glimmers is mikro-oomblikke van vreugde. Daardie klein driesekonde-happies van geluk wat jou gemoed ligter maak en jou bui verbeter. Niks dramaties nie – jy gaan nie skielik jouself 'regruk' nie. Dit is 'n veel sagter benadering: Dié vreugdevolle oomblikke vertel jou senuweestelsel dit

is veilig om te kalmeer, en druk jou liggies in die rigting van fisieke en sielkundige welstand.

Die term *glimmers* is geskep deur die klinikus en skrywer Deb Dana, wat spesifiek fokus op hoe hierdie flikkers van vreugde die senuweestelsel help reguleer. Dit is wel belangrik om te onthou dit gaan hier waarlik oor minuskule goedjies, soos die manier waarop watermis 'n reënboog maak, die heerlike gevoel van sjokolade wat op jou tong smelt, 'n sluk koue water wanneer jy dors is.

SIEN DIT RAAK

Wat interessant is van die vonkies vreugde, is dat hulle oral om ons is, die hele tyd. Jou lewe is vol daarvan – of jy daaraan aandag skenk of nie. 'n Petroljoggie se glimlag.



'n Lieflike boodskap van 'n vriendin, die geur van 'n blom in volle blom, die bevredigende kraak van roosterbrood onder jou tande. Dit is alles vonkies vreugde, en dis maklik om hulle mis te kyk.

Die krag lê juis daarin om hulle raak te sien – om doelbewus daarna te soek – want hoe meer jy hulle gewaar, hoe makliker sal hulle na vore kom. Mense is al amper geprogrammeer om heeltyd op die uitkyk te wees vir gevaar en meer aandag aan negatiewe gebeure te gee omdat dit ons veilig hou. Maar as jy jou aandag ál meer op die vreugdevolle oomblikke toespits, sal jou senuweestelsel leer om dit makliker raak te sien. Iets sal verskuif en die lewe sal 'n klein bietjie kalmer en 'n klein bietjie meer hoopvol voel.

Dis belangrik om te onthou vreugdevolle oomblikke beteken nié dat jy jou kop in die sand druk of toksies positief leef en altyd net die blinkste kant bo hou nie. Inteendeel. In donker tye, wanneer vreugde en entoesiasme heeltemal buite jou bereik voel, is hierdie oomblikke steeds moontlik. Onthou, jy soek eintlik net drie sekondes van vreugde.

WAT SÊ DIE WETENSKAP?

Wat in daardie drie sekondes gebeur, is dat jou senuweestelsel 'n sein kry om te ontspan. 'n Sein dat jy veilig is, en net op die hier en nou kan fokus. Dink daaraan as 'n vorm van *mindfulness*, sonder dat jy eers moet leer mediteer. Fokus byvoorbeeld net op jou stokperdjie – die handwerk of kuns waarmee jy heeldag besig kan wees sonder dat jy dit eens agterkom. Vreugde aktiveer die parasimpatiese senuweestelsel, wat gekoppel is aan gevoelens van vrede en kalmte. Dit is voelbaar in ons neuro-oordraers, die klein chemiese selle wat boodskappe tussen ons neurone (ons senuwees) en ander selle in die liggaam oordra.

Jy verstaan wat dit beteken, of hoe? Tyd wat jy aan jou stokperdjies bestee, is 'n noodsaaklike praktyk om jou gees gesond te hou sodat jy elke dag behoorlik kan funksioneer. Vir mense wat mal is oor hulle stokperdjie, behoort dit geen verrassing te wees nie. Dit is trouens een van die groot waarhede van die lewe: Vreugde lê opgesluit in die klein, eenvoudige dinge wat geweldige krag dra.

HOE WERK DIT IN PRAKTYK?

Dit is maklik om te erken dat iets waar is, maar moeilik om dit te inkorporeer in jou besige alledaagse lewe. Daarom help dit om 'n *glimmer*-praktyk te begin: om tyd in te ruim om op klein oomblikke van vreugde te fokus.

Hier is 'n paar wenke:

❀ KOPPEL DIT AAN 'N BESTAANDE GEWOONTE

Gewoontekoppeling werk goed omdat dit nie iets totaal nuuts van jou vereis nie. Gebruik daardie twee minute smôrens wanneer jy jou tande borsel om die vreugdevonkies raak te sien, of skryf dit smiddae neer wanneer jy aan die einde van die dag jou lessenaar opruim.

❀ KIES 'N TYD

Ek het *Daily Glimmers: The Art of Finding Tiny Joys Every Day of the Year* spesifiek geskryf met een unieke vreugdevonk vir elke dag van die jaar (plus twee alternatiewe indien dit nie tot jou spreek nie). Lees dit saam met jou oggengkoffie of -tee – dan is jy ingestel daarop om dit deur die dag raak te sien. Die *glimmers* is volgens tema én seisoen gerangskik, want soveel van ons vreugdes hou verband met die seisoen.

❀ VORM 'N GLIMMER-GROEP

Of dit nou 'n WhatsApp-groep is waar julle foto's deel van iets kleins en moois, of 'n maat met wie jy weekliks gesels oor die klein goeie dinge – dit maak regtig 'n groot verskil om vreugde-vonke te deel.

❀ EEN GOEIE DING PER DAG

Die heel maklikste manier om vreugde-vonke te inkorporeer is om saans by die etenstafel een goeie ding te deel wat deur die dag met jou gebeur het (as jy alleen eet, skryf dit neer). Dit mag klein en onbenullig wees, maar dis goeie oefening vir jou brein om terug te kyk en 'n vreugdevonk te vind en dan te besef selfs op die moeilikste dae is daar tog 'n sprankie hoop.

'N PAAR KREATIEWE VREUGDEVOLLE FLIKKERS

Kreatiwiteit is 'n wonderlike bekendstelling aan daaglikse mikro-oomblikke van vreugde, want dit kombineer die lekkerte om iets te maak, die bevrediging om iets klaar te kry, die plesier om bietjie rond te speel, die kleure, geure en tecture van die gereedskap en die proses self in een vreugdevolle ervaring.

❀ SOEK 'N NUWE STOKPERDJIE

Om 'n nuwe stokperdjie te kry is amper soos om 'n skatkis in jou eie tuin te ontdek – onverwags en heerlik! Of dit nou 'n nuwe sport of handwerk is, 'n nuwe soort cuisine of 'n liefde vir komplekse masjinerie, 'n stokperdjie kan die vaalste dag laat vonkel.

Soortgelyke flikkers:

- Om 'n TV-reeks te ontdek waarom jy dadelik mal is.
- 'n Nuwe gunsteling-peuselhappie waarvan jy nie genoeg kan kry nie.

❁ SKEP SAAM MET IEMAND ANDERS

Dit maak nie saak of kreatiwiteit lei tot iets 'betekenisvol' nie – om die waarheid te sê is dit meer pret indien dit nié die geval is nie. Belangriker is om saam met iemand skeppend te wees – of julle nou musiek maak, kook, skilder of handwerk doen. Die lekkerte is in die gedeelde vreugde.

Soortgelyke flikkers:

- 'n Restaurant-aand wat so plesierig is dat jy nie eens agterkom julle is die laaste tafel nie.
- Om iets te maak net vir die plesier daarvan – selfs al is dit iets wat net vir 'n oomblik bestaan, soos 'n tekening in die sand, 'n gesig gepak met stukkies vrugte of 'n gedig wat jy nie neerskryf nie.

❁ KIES RUS

Het jy geweet 'n mens kry sewe soorte rus?

- 1 Fisieke rus: passief (slaap) of aktief (strekoeëninge, joga, massering).
- 2 Verstandelike rus: om die hamsterwieleltjie van herhalende gedagtes stadiger te laat draai.

3 Sensoriese rus: om weg te kom van oorstimulasie en te veel goed wat gelyktydig gebeur.

4 Kreatiewe rus: inspirasie uit die natuur en kuns.

5 Emosionele rus: tyd en ruimte om al jou gevoelens uit te druk.

6 Sosiale rus: om voorkeur te gee aan verhoudings wat jou verkwik en energie gee.

7 Spirituele rus: om te fokus op iets groters as jyself.

Die wêreld is obsessief oor produktiwiteit en rus kan nogal radikaal voel. Probeer dit gerus vir 'n week!

Soortgelyke flikkers:

- Om op te staan vir jouself.
- Om selfversorging 'n prioriteit te maak.

❁ JOMO

Jou vriende gaan uit om te rinkink, maar jy luister eerder na jou liggaam en bly tuis in jou pajamas en kyk 'n fliëk, heeltemal oorstelp van geluk. Dis wat 'n mens JOMO (*joy of missing out*) noem ...

Soortgelyke flikkers:

- Enige soort oorvloed: lekker kos, goeie vraatkykreeks, wonderlike mense.
- Entoesiasme in enige vorm – om opgewonde te wees oor iets én dit te sê.



❁ VIND DIE REGTE HULPMIDDEL VIR 'N TAAK

Jy probeer uitpluis hoe om 'n taak makliker af te handel ... en dan vind jy presies die regte hulpmiddel om dit tjoeftjaf klaar te maak. Joegaai!

Soortgelyke flikkers:

- Om wakker te word sonder om die alarm te stel.
- 'n Blikoosmaker wat die eerste keer werk.

❁ HANDWERK SAAM MET 'N KIND

Die vryheid! Die gemors! Die blinkers! Alles wat ek geleer het oor om nie die mooi goed vir later te bêre nie – die spoggerige plakkers, die spesiale papier, die fyn porselein

– het ek by my peuterdogter geleer. Sy sou kunsbenodigdhede as 'n geskenk kry en alles dadelik gebruik. 'n Pen met blinkertjiegom het sy in één prent leeggeteken. Duur plakkers is de laaste een vasgeplak op 'n stuk papier.

En hoekom nie? Waarvoor al die mooi goed bêre? Hierdie is immers nie 'n kleedrepetisie nie, maar die regte lewe.

Soortgelyke flikkers:

- Om kinders dop te hou wat op die speelgrond rinkink.
- Om saam met 'n kind water in die branders te spat.

❁ RITUELE (ENIGE SOORT OF TRADISIE)

Sommige mense word groot in huise waar tradisies die septe swaai: godsdienstige en ander feesdae word gedenk, asook familie-etes en ou gevestigde maniere om die verloop van tyd te merk. As volwassene kan jy gelukkig self besluit waarop jy wil voortbou – of dit godsdienstig of seisoenaal is of 'n spesiale ritueel wat vir jou betekenis het.


Soortgelyke flikkers:

- 'n Gedig wat voel of dit vir jôu geskryf is.
- 'n Begeleide meditasie wat diep by jou aanklank vind.

❁ Ons het een eksemplaar van *Daily Glimmers* om aan 'n leser weg te gee. Vertel vir ons van die klein goedjies wat vir jou vreugde verskaf en stuur dit per e-pos aan terena@ideasfactory.co.za om in aanmerking te kom.



Bridget McNulty is die skrywer van *Daily Glimmers: The Art of Finding Tiny Joys Every Day of the Year* (Penguin Random House). Dit is beskikbaar by goeie boekwinkels.







OP JOU LEESLYS

saamgestel deur TRACY GREENWOOD (tracygreenwoodza@outlook.com)


KOS



MEDITERRANEA

ANASTASIA MIARI
(QUADRILLE, R1 033)


Met die skryf van die kookboek het Anastasia Miari na soveel lande in die Middellandse See-bekken as moontlik gereis en soveel oumas as moontlik ontmoet om meer oor hulle en die geregte wat hulle kook, uit te vind. Die resultaat is 'n gul versameling resepte wat die streek en die oumas vier. Elke resep in die vier afdelings – Sharing, Comforting, Feasting and Treating – is maklik om te bemeester en word vergesel van 'n aanhaling van die ouma en 'n kort beskrywing van die streek waaruit sy kom. Deels kookboek, deels kulturele toer van die Middellandse See, maar absoluut heerlik!



KOMBUISTAAL

VICKIE DE BEER EN ANTJIE KROG, ILLUSTRASIES
ROLIEN IMMELMAN
(LAPA, R260)

Hierdie kookboek gaan die jongspan nie net laat smul aan heerlike kos nie, maar ook leer hoe om gesonde keuses te maak. *Kombuistaal* gee vir kinders die woorde-skat en vaardighede om seker te maak dat hulle van jongs af weet hoe om kos te kies wat gesond en heilsaam is. Sels grootmense word touwys gemaak oor hoe om slim keuses te maak – alles gebaseer op wetenskaplike navorsing. Boonop is dit 'n lekkerleesboek propvol nuwe gedigte deur Antjie Krog!



SUNSHINE, LEMONS AND SEA SALT

DONNA HAY (HARPER COLLINS, R830)

Sommige boeke is net te mooi om op 'n Kindle te lees, en die geliefde Aussie-sjef Donna Hay se splinternuwe kookboek is een van hulle. As 'n viering van Australiese somerkuiers langs die kus, werk die boek natuurlik ewe goed in sonnige Suid-Afrika. Die resepte is vol kleur en geur, maklik om te berei en word vergesel van pragtige foto's en illustrasies. Wanneer gaste onverwags kom inloer vir iets te ete langs die swembad ... moenie stres nie. Donna se harissa-hoender-en-feta-knoffelbrood is perfek om 'n klein skare gelukkig te maak. Gesin honger ná 'n dag op die strand? Die carbonara met pancetta-krummels maak jy blitsig met slegs sewe bestanddele. Al die resepte in die boek is uit Donna se persoonlike repertoire, tot nou toe gereserveer vir haar familie en vriende.

FIKSIE



DONKER SPOOR

MARTIN STEYN (LAPA, R350)

Hulle kry haar lyk in 'n veld. 'n Tienersmeisie – verkrag, gemartel, vermoor. En sy's nie die eerste een nie. Adjudant-offisier Jan Magson moet die reeksmoordenaar vang. Hy moet die slagoffers se ma's en pa's in die oë kyk en hul vrae beantwoord, maar hy kan nie. Nie eens sy eie vrae nie.

Kort voor lank haal die moorde hoofopskrifte en die gemeenskap eis antwoorde: Hoekom trek die polisie nie die boosaard vas nie? Toe 'n ma 'n brief vir die koerant skryf en 'n pa 'n beloning uitloof, word dinge op 'n mespunt gedryf. Bevind Magson hom op nóg 'n dwaalspoor of is hy uiteindelik op die donker spoor wat hom na die ware antwoorde sal lei? 'n Heruitgawe van Martin Steyn se bekroonde debuutroman.



AL DIE SWENDELAARS

CHRIS KARSTEN (H&R, R350)

Op die vooraand van speurder Arrie Dogh se aftrede beland 'n skynbaar doodgewone inbraaksaak by Wildernis op sy lessenaar. Wanneer hy Ganzevlei Stables besoek, besef hy daar skuil 'n slang in dié misdaadtoneel se gras. Die windmaker-eienaar Louis Jooste is nêrens te vinde nie, nog minder Donna Scott, die blonde polospeler wat pal aan sy sy is.

Waar begin die storie wat Arrie eindelijk oorvertel? By die Turkse perdekopers? By Jooste se ponzi wat Bertie Greeff en vriend Diek se neseiers ingesluk het? Of by die miljoene wat uit 'n rusbank op Jooste se stoetplaas verdwyn het?

Dié ongewone en hoogs vermaaklike speurroman deur 'n meeserver-teller is vol kinkels en kullery.



DRIE MOORDE IN DIE BAAI

MADELEIN RUST (H&R, R350)

Bianca Fabricious, hygromanskrywer en nuwe eienaar van die Strandloper-gastehuis op St. Helenabaai, het skaars haar voete gevind of die uitsig voor haar kamervenster word 'n misdaadtoneel. Die slagoffer 'n blondine met wie sy onlangs haaks was oor dié se kaalbas-sonbaaiery.

Dis duidelik dat die gawe speuradjutant Meintjies haar glo dat sy bloot die liggaam ontdek het, maar kaptein De Wee is 'n perd van 'n ander kleur. Hy lyk dalk soos Barbie se Ken, maar op die beste van dae is hy 'n stompsinnige wetter. Bianca probeer haarself as verdagte uit-skakel en die regte boosdoener aan die kaak stel, maar dit veroorsaak 'n hele reeks onvoorsiene gebeure ...



SKORPIO DEON MEYER (H&R, R390)

Bennie Griesel en Vaughn Cupido is terug en hierdie keer gaan dinge in die Stellenbosch-omgewing so wild dat dié twee baasspeurders elkeen sy eie rigting moet inslaan. In Idasvallei word 'n privaatspeurder en boesemvriend van Cupido dood aangetref in sy motorhuis, waar groot moeite gedoen is om sy dood soos 'n ongeluk te laat lyk. En op die plase brand eers 'n skaapwagtershut en dan 'n karavaan af, in albei gevalle ná 'n ontploffing'. Die karavaan was helaas nie leeg nie en skielik het hulle nie alleen 'n skreiende gebrek aan leidrade nie, maar ook 'n rasende media om dinge verder te kompliseer. En dít terwyl die horlosie nie stilstaan nie.

Soos altyd kan mens nie ophou lees wanneer die storie jou eers begin meesleur nie. Perfek vir jou strandsak!

FIKSIE



SARAH PLUS EEN

KRISTEL LOOTS (QUEILLERIE, R290)

Sarah was altyd effe anders, haar skoolrok effe korter en haar wil effe dwars. Net een ding was konstant: haar blindelinge verliefdheid op haar mooi en talentvolle buurseun, Franco Fourie. Nou is sy vroeg in haar sewentigs en kyk beangs na die e-pos-uitnodiging na hul skoolreünie, geskryf en gestuur deur einste Franco. Ergste is 'n metgesel moet saam, iets wat sy nie het nie. Met die dubbele penarie van soek na 'n plus-een en die vrees om te gaan krap in 'n Klippendal-verlede waarin haar burgemeester-pa ná lelike aantygings sy pos kwyt was, wil sy eintlik nêrens gaan nie. Maar haar nuuskierigheid sal haar nie toelaat nie. Veral nie oor hoe Franco deesdae lyk nie.



DIE OEROUE

ETIENNE LOMBARD (NALEDI, R275)


Dr. Sandra Venter arriveer op Kraaineshoogte, op soek na 'n vars begin ná 'n traumatiese verlede. Maar onder die stil oppervlak van die Karoo-dorpie skuil 'n geheim. Wanneer inwoners begin verdwyn, ontdek sy haar voorouers is verweef met 'n oeroue entiteit wat elke dertig jaar uit sy sluimering ontwaak en sewe siele eis. Saam met die argeoloog Elsabé Marais en geheimsinnige Tannie Griet volg sy haar ouma se spoor, wat lei na sewe artefakte – skerf-fragmente van 'n entiteit wat ouer as menslike geskiedenis is. Die artefakte roep haar, die Oeroue fluister in haar drome, en die antwoorde lê verborge in die koue, donker waters van die tyd.



DIE DRIE WEDUWEES

IRMA VENTER (TAFELBERG, R350)

Toe Ami Prinsloo se polisiegeneraal-vriend Paul de Jager dood in sy kamer aangetref word, laat dit haar nie net met die vraag wie hom gehelp het om sy alzheimers te ontsnap nie, hy laat haar ook met 'n stokou onopgeloste saak. En sy drie eksvroue. Almal weet van die saak waarin 'n 15-jarige seun 25 jaar gelede een Sondag met R20 in sy sak verdwyn het en al drie was in een of ander stadium betrokke. Nie ver van sy ma se huis in die Moot nie, woon die ma van die pedofiel wat verdink is van Ebbie se verdwyning en hy is pas op parool vrygelaat. Ebbie was te oud vir hom, was dié moordenaar van twee jong seuns se verweer. Dan verdwyn nog 'n seun, dié keer net 12 jaar oud.



ROULETTE

SIDNEY GILROY (H&R, R320)

Die Ludick-drieling is 'n redelik wilde spulletjie, maar wanneer dit by hul jonger sussie, Lara, kom, is hulle mak soos lammetjies. Toe hulle en drie vriende haar in 1998 op vakansie saamneem Ballito toe, is hul ouers dus gerus. Maar toe kom Lara nie lewend saam huis toe nie en die Ludicks se hele lewe verander terwyl elke broer met sy eie skuldgevoelens worstel. Veral toe hulle jare later haar dagboek vind.

Dan, 27 jaar later, verdwyn 'n mediese student naby Veldrus, na aan waar die seuns grootgeword het. Sersant Sollie Mthembu se soektog het nog skaars begin of die student se pa word dood aangetref in die huurmotor waarmee hy klaarblyklik van die lughawe af op pad was om sy seun te help vind, die eerste van 'n paar lyke wat almal met 'n nommer aan die oor gevind word. Elkeen van hulle verwant aan die name in die Ludick-dossier wat nooit destyds afgehandel is nie.

HANDWERK



THE BOUQUET IN A BOOK: WINTER

PRUDENCE ROGERS

(DAVID & CHARLES, R585)

As jy graag kreatief besig wil wees maar nie juis handwerkvaardighede of -gereedskap het nie, is dié boek vir jou. Dis 'n alles-in-een-stel waarmee jy papierruikers kan skep wat nooit water gaan benodig nie. Dit bevat al die papierdele – van die stele tot die blare en blomdetail – wat nodig is om boekette met onder meer rose, dennebolle en stekelvarings te skep. Al wat jy verder benodig, is 'n gewone gomstiffie, 'n gomgeweer, 'n houtsoasiestokkie of metaalstiffie, 'n lepel en die duidelike aanwysings wat jy in die boek sal vind. En natuurlik die blomdele wat jy maklik al langs die ponslyne kan verwyder.




PETER RABBIT™ CROCHET TOYS

CARLA MITRANI

(DAVID & CHARLES, R490)

Hierdie boek bevat hekelpatrone vir die oulikste amigurumi-poppies, almal deur Beatrix Potter se geliefde Peter Rabbit-verhale geïnspireer. Saam met die patrone kry jy stap-vir-stap-aanwysings, duidelike foto's en al die nodige hekeltegnieke om die dierekaraktertjies te skep – wat dit toeganklik maak vir die groentjie sowel as die meer ervare hand. Hekel Peter Rabbit, Benjamin Bunny, Jemima Puddle-Duck, Tom Kitten, Mevrouw Tiggy-Winkle, Meneer Jeremy Fisher, Nutkin die eekhorning en nog vele meer, soos 'n paar bekoorlike items uit Meneer McGregor se tuin.



SCRAP QUILTS FROM CRUMBS, STRIPS AND STRINGS

EMILY BAILEY

(DAVID & CHARLES, R490)

Kwilters sal dol wees oor hierdie versameling kwiltpatrone wat ontwerp is om jou te help om al die afvallappies in jou naaldwerkkas te gebruik. Geen stukkie lap is te klein as jy die skrywer se wenke volg oor hoe om dit in 'n pragtige lappieskometers en ander kwiltprojekte te omskep nie. Die boek bevat 15 patrone met stap-vir-stap-aanwysings vir onder meer 'n kwilt vir jou bed tot kleiner projekte soos 'n taffeloper of hand-sak. Dit is jou zero-afval-gids tot pragtige kwiltwerk sonder om nuut lap te gaan koop.

NIEFIKSIE



INNIE SKYLTE VANNIE JIRRE

HANS DU PLESSIS (LAPA, R260)

*Keer die beerlou van onse lyfte af weg
en draai tog net onse lewe wee bietjie reg:
lattie hyl ons nie innie nagte so matlik slattie,
ennie trane ons nie oppie mirrag skierlik vattie.*

Hierdie kosbare versameluitgawe van Griekwapsalms en ander gedigte val saam met Afrikaans se 100-jarige viering as amptelike landstaal. Die geliefde en ontslape prof. Hans du Plessis se verwerkings van bekende Psalms en ander Bybelverse in aardse Griekwa-Afrikaans sal lesers opnuut aangryp en ontroer. Sedert die bundel se eerste verskyning in 2001 is meer as 100 000 eksemplare verkoop en die Afrikaans-100-gedenkuitgawe is 'n waardevolle kleinood wat op elke liefhebber van die taal se boekrak hoort.



JUL IDEES

Ons hoor graag van jou! Vertel vir ons meer oor jouself, wat jou inspireer en waarmee jy alles besig is. E-posse en foto's is welkom.

TERUG NA DIE EENVOUDIGER LEWE

Ek het al begin dink ons sou nooit weer handgetekende sketse in kommersiële bemaking sien nie.

So 'n paar jaar gelede is luisteraars van BBC1 Radio gevra om te sê wat hul gunstelingliedjie is. Vir omtrent almal was dit 'n liefdeslied, maar nie van daardie vinnige popliedjies met die herhalende lirieke nie. Nee, dit was die stadige liedjies, die soort wat jou in jou spore laat vassteek om te luister. Die gemene deler was eerlikheid oor wat tot ons hart spreek as ons dit vryelik kan verwoord.

Daardie selfde gevoel het ek onlangs ervaar toe ek een van *Idees* se plasings op Facebook sien. Ek het terselfdertyd vol nostalgie en hoop gevoel: Dat ons eendag weer so ons gedagtes en gevoelens en idees kan deel. Al daardie outydse plesiere van teken, dig, musiek maak, alles.

Dit voel so ver weg – nie net in die wêreld daarbuite nie, maar ook in myself. Waar iets stadig geskep word, uit die hart uit. Ek voel ons almal mis dit. Ons moet 'opdaag' in die wêreld, sonder tyd vir teken, kos maak, sing, lag, huil.

Die tydjie wat ek jare gelede saam met *Idees* se Hannes Koegelenberg foto's kon stileer, was van my gelukkigste ooit. Net om te kan werk met daardie oorspronklike maniere om jouself uit te druk.

Ek het steeds 'n diepe waardering vir *Idees*, 'n tydskrif wat vandag nog meer relevant is as ooit. En ook vir my dierbare vriend Hannes, een van die begaafdeste mense wat ek ken.

Die tydskrif was altyd in my inkopiemandjie, dit was ononderhandelbaar. Tyd dat dit weer so raak.

Roxanne Waldeck (Facebook)

✿ Stuur julle briewe en foto's per e-pos aan terena@ideasfactory.co.za met 'Jul idees' in die onderwerpveld. Onthou asseblief om jou volle naam en adres in te sluit.

✿ Indien jou brief navrae bevat, verstrek asseblief ook jou telefoonnommer.



WENBRIEF

TUIN NATGEGOOI, GESWEM, NOU VIR DIE **COLLAGE!**

Die wind waai buite en ek sit in my huis, maar ek het reeds die tuin natgespuit en vroeg vanoggend gaan swem ... absoluut heerlik!

Ek is 75 jaar oud, 'n weduwee, woon alleen, en is besig om die Julie/Augustus 2023-uitgawe van *Idees* weer te lees.

Ek geniet so die wonderlike papier waarop die tydskrif gedruk is, en al die foto's en prente. Ek beplan nou 'n collage om op die kombuisdeur te plak met al die mooi. Dis nog altyd iets wat my dronkslaan – mense wat aftree en nie weet hoe om hulle tyd om te kry nie. My mening is dat dit baie te doen het met hoe ons grootgemaak word. In jou kinderdae vra mense altyd wat jy eendag wil word, maar niemand vra ooit wat jy gaan doen as jy eendag aftree nie.

Mense word geleer om iets te doen om geld te maak, maar nie hoe om hulself te vermaak nie. Ons bly beslis in 'n snaakse wêreld waar dinge soms skeefgetrek is.

Madeleine Jones



IDEES SE GESKENK AAN MY

Ek moes net iets bydra tot Jul idees!

My liefdestaal is geskenke. Ek is eenvoudig net versot daarop om vir mense geskenke te gee! Ek dink lank na oor elke geskenk en sit dan baie tyd daarin. Van die idee vir die geskenk tot die aankoop daarvan en dan die heel belangrikste deel – hoe dit toegedraai en oorhandig word.

Ek koop nie duur geskenksakke nie, en herwin en versier eerder gewone sakke. Afhangend van die tema kies ek versigtig blaai uit *Idees* wat die beste by die geskenk sal pas.

Dan maak ek 'n geskenkaartjie uit karton met dieselfde tema as die versierde sak. Ek sit ook graag 'n mooi lint by. Vir my is elke geskenksak 'n kreatiewe liefdestaak en dit sou nie vir my moontlik gewees het sonder die prente en foto's in *Idees* nie.

Idees, julle help my om pragtige geskenke vir my familie en vriende te gee, of dit is om dankie te sê of vir 'n verjaardag, kombuis- of ooevaars-tee is. Dankie dat julle hierdie geskenk vir my gee!

Vearley le Roux

SKRYF VIR ONS & **WEN!**

Madeleine Jones, die skrywer van hierdie uitgawe se wenbrief, ontvang 'n geskenkpak van Kleine Zalze ter waarde van R1 620. Die geskenkpak bestaan uit nege bottels Kleine Zalze Brut Cap Classique.

Die Cap Classique word gemaak van chardonnay- en pinot noir-druive wat met die hand uitgesoek word en dan verder in die bottel gefermenteer word. Iets spesiaals om met vriende en familie te deel.

Besoek kleinezalze.co.za vir meer inligting.







'N WÊRELD VOL IDEES

TEKEN IN EN LOOP NIE 'N ENKELE
UITGAWE VAN IDEES MIS NIE!

VIR 'N JAARLIKSE INTEKENING
VAN R374 ONTVANG JY VIER MAAL
PER JAAR JOU GEDRUKTE
EKSEMPLAAR VAN IDEES.*

JY KAN OP EEN VAN DIE
VOLGENDE MANIERE INTEKEN:

✿ SKAKEL 087 353 1291 (Maandag tot
Vrydag 8 vm. tot 4.30 nm.).

✿ E-POS JOU NAAM EN
KONTAKBESONDERHEDE AAN
ideas@onthedot.co.za

(OF AAN ideas@onthedot.co.za
VIR DIE ENGELSE UITGAWE).**

OF

TEKEN JAARLIKS OP DIE DIGITALE
TYDSKRIF IN TEEN SLEGS R340
OF KOOP 'N ENKELE DIGITALE
EKSEMPLAAR TEEN R90:

✿ GAAN NA ZINIO BY www.zinio.com/za/ideas vir jou digitale intekening.

OF

✿ LAAI DIE IDEES-APP AF EN KOOP
ONS DIGITALE EKSEMPLEARE (sien die
besonderhede hiernaas).



HET JY JOU DAAGLIKSE DOSIS
KREATIEWE INSPIRASIE NODIG?
MOET DAN NIE ONS NUUTSTE
DIGITALE UITGAWES MISLOOP
NIE. LAAI EENVOUDIG ONS APP AF
EN JY HET DIE TYDSKRIF OP JOU
VINGERPUNTE.

BEPALINGS EN VOORWAARDES

* Jou intekengeld is vooruitbetaalbaar. • Die aanbod geld slegs tot
12 Maart 2026 en is net vir mense wat in Suid-Afrika woon. • Vir ander lande,
doen asseblief per e-pos navraag by ideas@onthedot.co.za. • Jou betaalopdrag
kan aangepas word indien die omslagprys verhoog word. • Geen gratis SMS'e
word aanvaar nie. • Om ononderbroke diens te verseker word jou intekening
outomaties hernu en betaling per uitgawe gevorder.

** Deur hierdie besonderhede te verstrek gee jy vir *Idees* toestemming
om jou per e-pos of per SMS te kontak.

✿ Vind ons onder IDEES TYDSKRIF
in die APPLE APP STORE.
✿ Koop 'n ENKELE DIGITALE EKSEMPLAAR
teen slegs R99,99 of teken op 'n JAAR SE
UITGAWES in teen R349,99. As jy 'n uitgawe
misgeloop het, kan jy enige tyd op die
uitgawe klik en dit by jou mandjie voeg om
jou IDEES-biblioteek volledig te maak.

Lééf

met hart
& siel

SOMER 2025/2026
RSA R110
(R14.35 BTW ingesluit)
NAMIBIE N\$115



Soete somer

'n Tydskrif
vir gelowige
vroue wat die
mooi in die
lewe vier!

BEGIN WEER NUUT
Slaan só 'n skoon
blaadje om in jou
werk of verhouding

STUUR JUL SKIP SÁÁM

Gaan van vinger wys na
hande vat met jou lewensmaat

STERKER & GESONDER IN 2026

- Verlaag jou bloeddruk
- Verbeter jou postuur
- Versterk jou bene

BOS OF SEE?
Vind rus by 'n
Bosveld-lodge
of langs Knysna
se meer



ESEGIËL 36:26

Tracey Lange

*"Radiowerk is 'n manier
om Hom te dien"*

SIBBE WAT STRY ...

Praktiese wenke
vir vrede tussen
jou kinders

**BEAUTIFUL (BETTY)
IN BEAUFORT-WES**
Ou losieshuis word
gewilde gasteverblyf

"Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in julle binneste gee ..."

PROPVOL SIELSKOS EN INSPIRASIE!

Maak seker jy kry jóú eksemplaar van die Somer 2025/26-uitgawe
van *Lééf met hart & siel* in die hande. Nou te koop.



KRY JOU VOLGENDE



idees

VRYDAG

13
MAART

VEER SOLANK JOU NESSIE

met die allermooiste kwilt en hekelkussing

Pampoen-plesier uit die kombuis

en 'n slim, heerlike broodjie daarby

Brei vir jou en jou woef
'n snoesige truitjie



